

JOSUA

Inleiding

Die naam van die boek is ontleen aan die hooffiguur, Josua, wat die opvolger van Moses was. Die naam Josua beteken 'die HERE verlos'.

In die Ou Testament vorm die boek *Josua* 'n brug tussen die eerste vyf boeke, die Pentateug, en die historiese boeke wat daarop volg, en in die besonder tussen die boek *Deuteronomium* en die boeke *Josua*, *Rigters*, *1 en 2 Samuel*, en *1 en 2 Konings*. Laasgenoemde groep boeke, wat bekend staan as die Vroeë Profete, bied 'n oorsig oor die geskiedenis van Israel van ná die dood van Moses tot by die Babiloniese ballingskap van Juda. Hulle vorm dus 'n eenheid wat die geskiedenis van Israel vertel, en dit beoordeel in die lig van die boek *Deuteronomium*. *Deuteronomium* handel in die besonder oor die verbond tussen God en sy volk, en die verbond speel ook 'n belangrike rol in die boek *Josua*.

Daar is onsekerheid oor waar en wanneer die boek ontstaan het.

Tradisioneel is Josua self beskou as die skrywer van die boek, behalwe vir die deel wat oor sy dood handel. Daar is egter aanduidings in die boek self dat dit eers later geskryf is, sodat die werklike skrywer onbekend is. Sommige geleerdes dink aan 'n tyd kort ná die dood van Josua, terwyl ander dit heelwat later dateer. Dit is waarskynlik die werk van verskeie skrywers wat verskillende bronne en oorlewings tot hulle beskikking gehad het. Die *Boek van die Opregte* word byvoorbeeld in Josua 10:13 as 'n bron vermeld. Die boek bevat ou materiaal, maar die finale vorm van die boek hang saam met die afsluiting van die groep waarvan dit deel is, waarskynlik in die tyd van die Babiloniese ballingskap.

Die eerste lesers van die boek in sy huidige vorm was vermoedelik Judese ballinge in Babel. Die boek sou vir hulle 'n antwoord gee op die vraag waarom hulle in ballingskap is, en hoe hulle weer besit kan neem van die beloofde land.

Die vertellings in *Josua* oor die inname van die land Kanaän word omraam deur 'n inleiding (Jos 1) en slot (Jos 22 — 24), wat as teologiese raamwerk dien vir die verstaan van die boek. Binne hierdie raamvertelling vind die leser gedeeltes oor wondervertellings (3:14-17; 4:17; 6:20) en godsdienstige gebruike (5:2-12); verklarings oor die oorsprong van plekname (7:26), van gedenktekens (4:3-9; 7:1-26) en van sosiale verhoudings (9:3-27); beskrywings van veldslae (8:1-22; 10:1 — 11:11) en van stamgebiede se grense (13:15-30; 15:1-20; 16:1-8, ens); en lyste met name van konings (12:9-24) en stede (15:21-62; 18:21-28). Met die uitsondering van 6:26 en 10:12-13 is die hele boek in prosavorm.

Gehoorsaamheid aan die woord van God, en trou aan sy verbond, is die sentrale teologiese temas in die boek. Daarmee hang saam dat die land 'n gawe van God is. As die volk gehoorsaam is aan God deur sy verbondsvoorwaardes getrou na te kom, ontvang hulle die beloofde land. As hulle nie gehoorsaam is nie, loop hulle die risiko om die land te verloor. Die volk is net rentmeesters van die land, wat aan God behoort.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1 Inleiding

2 — 12 Inname van die land

2:1 — 5:15 Deurtog deur die Jordaan

6:1 — 12:24 Verowering van Kanaän

13 — 21 Verdeling van die land

13:1-33 Stamme oos van die Jordaan

14:1 — 19:51 Stamme wes van die Jordaan

20:1 — 21:45 Asielstede en Levietestede

22 — 24 Slot

22:1-34 Stamme oos van die Jordaan

23 — 24 Josua se afskeid

1

Opdragte aan Josua

¹ Ná die dood van Moses, * die dienskneg van die HERE, het die HERE vir Josua, seun van Nun, Moses se helper, * gesê: ²“Moses, my dienskneg, is dood. Daarom, maak nou gereed om hierdie Jordaan oor te steek, jy en hierdie hele volk, na die land wat Ek aan hulle, aan die Israeliete, gaan gee. ³* Elke plek waarop julle voete trap — aan julle gee Ek dit soos Ek aan Moses beloof het. ⁴* Van die woestyn^a en die Libanon af tot by die groot rivier, die Eufraat,^b die hele land van die Hetiete tot by die Groot See^c in die weste, sal julle gebied wees. ⁵ Solank jy leef, sal niemand voor jou kan standhou nie. * Soos Ek by Moses was, * sal Ek by jou wees.

* **1:1 dood van Moses:** Deut 34:5-7

* **1:1 Josua ... helper:** Eks 24:13; 33:11; Num 11:28

* **1:3** Deut 11:24

* **1:4** Gen 15:18; Eks 23:31; Num 34:3-12

^a**1:4 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

^b**1:4 Eufraat:** In die tyd van die Ou Testament het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

^c**1:4 Groot See:** Die Middellandse See.

* **1:5 niemand ... standhou nie:** Deut 7:24

* **1:5 Ek by Moses was:** Eks 3:12; Jos 3:7; 4:14

Ek sal jou nie in die steek laat en jou nie verlaat nie.* ⁶ Wees vasberade en sterk,* want jy moet hierdie volk die land in besit laat neem wat Ek met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het om aan hulle te gee. ⁷ Wees net baie sterk, en vasberade om die hele wet wat Moses, my dienskneg, jou beveel het, nougeset uit te voer. Moenie links of regs daarvan afwyk nie,* sodat jy sukses kan behaal oral waar jy gaan. ⁸ Wat in die boekrol van hierdie wet staan, mag nie uit jou mond verdwyn nie. Jy moet dit dag en nag prewel,^{d*} sodat jy alles wat daarin geskryf is, nougeset kan nakom; want dan sal jy voorspoedig wees op jou pad; dan sal jy sukses behaal. ⁹ Het Ek jou nie beveel, ‘Wees vasberade en sterk’ nie? Moenie paniekbevange wees nie en moet jou nie laat afskrik nie,* want die HERE jou God is by jou, oral waar jy gaan.”

¹⁰ Josua het toe die gesagvoerders van die volk* opdrag gegee: ¹¹ “Gaan deur die kamp en gee opdrag aan die volk, ‘Maak vir julle padkos gereed, want oor drie dae* gaan julle hierdie Jordaan oorsteek om die land binne te gaan, om in besit te neem wat die HERE julle God aan julle gaan gee om in besit te neem.’ ”

¹² Vir die stamme van Ruben en Gad en die halwe stam van Manasse het Josua gesê: ¹³ “Onthou die saak waaroor Moses, die dienskneg van die HERE, julle opdrag gegee het,* ‘Die HERE julle God gaan vir julle rus

* **1:5 Ek sal ... verlaat nie:** Deut 31:6,8,23; Heb 13:5

* **1:6 Wees ... sterk:** Deut 31:6; Jos 1:7,9,18

* **1:7 Moenie ... afwyk nie:** Deut 5:32; 17:11,20; Jos 23:6

^d**1:8 prewel:** Die Hebreuse woord verwys na die Joodse gebruik om die Tien Gebooe en ander wette van die Ou Testament gedurig saggies vir jouself op te sê.

* **1:8 Jy ... prewel:** Ps 1:2

* **1:9 Moenie ... afskrik nie:** Deut 1:29; 31:8; Jos 7:21; 8:1; 10:8; 11:6

* **1:10 gesagvoerders ... volk:** Num 11:16

* **1:11 oor drie dae:** Jos 3:2

* **1:13 Moses ... het:** Num 32:20-28

gee en hierdie land aan julle gee. ¹⁴ Julle vroue, die swakkes onder julle en julle vee kan bly in die gebied oorkant die Jordaan wat Moses aan julle gegee het. Maar julle moet in slagorde voor julle broers oortrek, al die dapper krygers, en hulle bystaan ¹⁵ totdat die HERE vir julle broers rus gegee het soos vir julle,* en hulle ook die land wat die HERE julle God vir hulle gee, in besit geneem het. Dan mag julle terugkeer na die land wat julle eiendom is en dit in besit neem — die land wat Moses, die dienskneg van die HERE, vir julle gegee het oorkant die Jordaan, aan die oostekant.’ ”

¹⁶ Hulle het Josua geantwoord: “Alles wat jy ons beveel, sal ons doen, en oral waarheen jy ons stuur, sal ons gaan. ¹⁷ Presies net soos ons aan Moses gehoorsaam was, so sal ons aan jou gehoorsaam wees. Mag die HERE jou God ook by jou wees,* net soos Hy by Moses was. ¹⁸ Elkeen wat teen jou bevel in opstand kom en nie jou woorde gehoorsaam nie, wat jy hom ook al beveel, moet sterf.* Wees net vasberade en sterk.”

2

Ragab en die verkenners

¹ Toe het Josua, seun van Nun, in die geheim twee manne as verkenners uit Sittim* gestuur en gesê: “Gaan kyk na die land en Jerigo.” Hulle het gegaan en by die huis van 'n prostituut met die naam Ragab* aangekom en daar oornag. ² Aan die koning van Jerigo is gesê: “Kyk, manne van die Israeliete het in die nag hierheen gekom om die land te verken.”

*1:15 julle broers ... soos vir julle: Jos 22:4

*1:17 Mag ... jou wees: Jos 1:5,9

*1:18 Elkeen ... sterf: Deut 17:12

*2:1 Sittim: Num 25:1

*2:1 prostituut ... Ragab: Jos 6:17,23,25; Matt 1:5; Heb 11:31; Jak 2:25

³ Toe stuur die koning van Jerigo 'n boodskap na Ragab: “Lewer die manne uit wat by jou aangekom het, wat in jou huis ingegaan het, want hulle het gekom om die hele land te verken.”

⁴ *Maar die vrou het die twee manne geneem en hulle versteek. Sy het gesê: “Ja, die manne het na my toe gekom, maar ek het nie geweet waarvandaan hulle kom nie. ⁵ Toe die stadspoort teen donker moes sluit, het die manne uitgegaan. Ek weet nie waarheen die manne gegaan het nie. Sit hulle gou agterna, want u kan hulle inhaal.” ⁶ Maar sy het hulle na die dak laat opklim en hulle versteek onder vlasstingels wat vir haar op die dak oopgesprei was.

⁷ Die manne het hulle agternagesit op die pad na die Jordaan, tot by die driewe. Die stadspoort is gesluit nadat dié wat hulle agternagesit het, uitgegaan het. ⁸ Voordat die verkenner^e gaan lê het om te slaap, het sy op die dak geklim na hulle toe. ⁹ Sy het vir die manne gesê: “Ek weet dat die HERE aan julle die land gegee het, en dat vrees vir julle ons oorval het, ja, dat al die inwoners van die land sidder oor julle.* ¹⁰ Want ons het gehoor hoe die HERE die water van die Rietsee^f voor julle laat opdroog* het met julle uittog uit Egipte, en wat julle gedoen het aan die twee konings van die Amoriëte oorkant die Jordaan, aan Sihon en Og

*2:4 Vgl 2 Sam 17:19-20

^e2:8 die verkenner: Die •bronteks lui “hulle”.

*2:9 vrees ... oor julle: Jos 2:24; 5:1; vgl Eks 15:16; Deut 2:25

^f2:10 Rietsee: In die OT word die Hebreeuse pleknaam met “Rietsee” vertaal. Die •Septuagint, wat deur die NT gebruik is (vgl Hand 7:36; Heb 11:29), vertaal dit met “•Rooisee”.

*2:10 water ... opdroog: Eks 14:21-30; Jos 4:23

wat deur julle met die banvloek^g getref is.* ¹¹ Ons het dit gehoor, en ons harte het ineengekrimp,^h sodat niemand meer moed het teen julle nie. Die HERE julle God, Hy is immers God in die hemel daar bo en op die aarde hier onder.* ¹² Daarom, sweer nou asseblief vir my by die HERE* dat ook julle guns sal betoon aan my familie, omdat ek guns aan julle betoon het. Gee my 'n betroubare teken ¹³ dat julle my pa en ma, my broers en susters en almal wat by hulle hoort, sal laat leef, dat julle ons sal red van die dood.”

¹⁴ Toe sê die manne vir haar: “Ons self staan in vir julle, tot die dood toe, as julle niks oor hierdie saak van ons bekend maak nie. Wanneer die HERE hierdie land vir ons gee, sal ons aan jou guns en trou betoon.”

¹⁵* Sy het hulle toe met 'n tou deur die venster laat sak, want haar huis was binne die dwarsmure van die stadsmuur; sy het in die stadsmuur gewoon.ⁱ ¹⁶ Sy het vir hulle gesê: “Gaan na die bergland, anders kom die agtervolgers op julle af. Kruip daar weg vir drie dae, totdat die agtervolgers terugkom. Daarna kan julle verder gaan op julle pad.”

¹⁷ Die manne het vir haar gesê: “Ons sou vry kon wees van hierdie

^g**2:10 banvloek:** Die banvloek beteken dat iets volledig aan die HERE behoort. Dit word aan die daaglikse gebruik onttrek en word deel van die tempel of tempelpersoneel se besittings, of dit word, soos in hierdie geval, heeltemal vernietig; •Banvloek.

***2:10 en wat ... getref is:** Num 21:23-24,33-35; Deut 2:32-34; 3:1-3

^h**2:11 harte het ineengekrimp:** Die Hebreuse idioom kan vertaal word “hart laat smelt”; vgl Jos 5:1; 7:5; 14:8; Jes 13:7.

***2:11 Die ... onder:** Deut 4:39

***2:12 sweer ... die HERE:** Jos 2:17,20; 6:22

***2:15** Vgl Hand 9:25; 2 Kor 11:33

ⁱ**2:15 huis ... gewoon:** Die stadsmuur het bestaan uit 'n dubbelmuur wat met dwarsmure verbind is. Die spasie tussen die mure is met rommel gevul of as woonkamers gebruik.

eed aan jou wat jy ons laat sweer het.* ¹⁸ Kyk, wanneer ons in die land kom, moet jy hierdie karmosynrooi gevlegte tou vasmaak aan die venster waardeur jy ons laat sak het. Jou pa en ma, jou broers en jou hele familie moet jy by jou in jou huis byeenbring.* ¹⁹ Die bloed van enigiemand wat by die deure van jou huis na buite uitgaan, sal op sy eie kop wees, en ons sal vry wees. Maar die bloed van enigiemand wat by jou in die huis is, sal op ons koppe wees* as daar 'n hand teen hulle gelig word. ²⁰ En as jy hierdie saak van ons bekend maak, sal ons ook vry wees van die eed aan jou wat jy ons laat sweer het.” ²¹ Daarop het sy geantwoord: “Soos julle gesê het, so sal dit wees.” Daarna het sy hulle weggestuur en hulle het vertrek. Sy het toe die karmosynrooi tou aan die venster vasgemaak.

²² Hulle het gegaan en in die bergland aangekom. Daar het hulle drie dae gebly, totdat die agtervolgers teruggekeer het. Die agtervolgers het langs die hele pad gesoek, maar hulle nie gekry nie. ²³ Die twee manne het teruggekeer. Hulle het van die berg afgekom, die rivier oorgesteek en by Josua, seun van Nun, aangekom. Hulle het vir hom alles vertel wat met hulle gebeur het. ²⁴ Hulle het vir Josua gesê: “Die HERE het inderdaad die hele land in ons hand gegee. Meer nog, al die inwoners van die land sidder oor ons.”*

3

Tog deur die Jordaan

¹ Josua het vroeg die môre opgestaan. Hulle het van Sittim* af

*2:17 eed ... het: Jos 2:12

*2:18 Jou ... byeenbring: Jos 6:23

*2:19 Maar ... wees: Matt 27:25

*2:24 Die HERE ... ons: Eks 23:31; Jos 6:2,9; 8:1; 21:44

*3:1 Sittim: Num 25:1; Jos 2:1

weggetrek en by die Jordaan aangekom, hy en al die Israeliete. Hulle het daar oornag voordat hulle oorgetrek het. ² Ná verloop van drie dae* het die gesagvoerders* deur die kamp gegaan ³ en aan die volk opdragte gegee: “Wanneer julle die verbondsark van die HERE julle God sien, en die priesters, die Leviëte wat dit dra,* moet julle van julle staanplekke af verder trek. Volg die ark,^j ⁴ maar daar moet 'n afstand van ongeveer tweeduisend el^k tussen julle en die ark wees. Moenie naby aan die ark kom nie,* sodat julle die pad waarop julle moet gaan, kan leer ken, want julle het nie voorheen met dié pad langs getrek nie.”

⁵ * Josua het vir die volk gesê: “Heilig julleself,¹ want môre gaan die HERE in julle midde wonders doen.” ⁶ * Josua het vir die priesters gesê: “Tel die verbondsark op en trek voor die volk oor.” Hulle het toe die verbondsark opgetel en voor die volk geloop.

⁷ Die HERE het vir Josua gesê: “Vandag begin Ek om aan jou aansien te gee^m in die oë van die hele Israel, sodat hulle kan weet dat, soos Ek by Moses was, Ek by jou is.* ⁸ Gee jy dan aan die priesters wat die verbondsark dra, opdrag en sê, ‘Sodra julle by die kant van die water van die Jordaan kom, moet julle in die Jordaan gaan staan.’ ”

***3:2 drie dae:** Jos 1:11

***3:2 gesagvoerders:** Num 11:16

***3:3 Leviëte ... dra:** Deut 10:8; 31:9,25

^j**3:3 Volg die ark:** Die •bronteks lui “Volg hom”.

^k**3:4 2 000 el:** Ongeveer 900 m; •Lengtemate.

***3:4 daar moet ... kom nie:** Vgl Eks 19:12

***3:5 Eks 19:10,14; Num 11:18; Jos 7:13**

^l**3:5 Heilig julleself:** Dit verwys na rituele reinigingshandelinge; vgl Eks 19:10,15.

***3:6 Jos 3:14**

^m**3:7 aansien te gee:** Die bronteks lui “groot te maak”.

***3:7 soos ... jou is:** Eks 3:12; Jos 1:5; 4:14

⁹ Josua het vir die Israeliete gesê: “Kom nader en luister na die woorde van die HERE julle God.” ¹⁰ Josua het ook gesê: “Hieraan sal julle weet dat die lewende God* in julle midde is en dat Hy beslis die Kanaäniete, die Hetiete, die Hewiete, die Feresiete, die Girgasiete, die Amoriëte en die Jebusiete voor julle sal verdryf:” ¹¹ Kyk, die verbondsark, die Heer van die hele aarde,* gaan voor julle uit, die Jordaan in. ¹² *Neem dan nou vir julle twaalf manne uit die stamme van Israel, een man vir elke stam. ¹³ Wanneer die voete van die priesters wat die ark van die HERE, die Heer van die hele aarde, dra, in die water van die Jordaan tot rus kom, sal die water van die Jordaan, die water wat van bo af kom, afgesny word en in een massa opdam.* ”

¹⁴ Toe die volk wegtrek van hulle kampplek om die Jordaan oor te steek, was die priesters wat die verbondsark dra, voor die volk. ¹⁵ Die Jordaan loop die hele oestyd kant en wal,ⁿ maar net toe die draers van die ark by die Jordaan kom en die voete van die priesters wat die ark dra, in die water ingaan, ¹⁶ het die water wat van die bokant af kom, gaan staan. Dit het 'n wal gevorm en opgedam — baie ver terug, vanaf Adam, die dorp langs Saretan. Die water wat na die see van die Araba,^o die Soutsee,^p vloei, is volledig afgesny. Die volk het toe deurgetrek, reg

***3:10 lewende God:** Deut 5:26; 1 Sam 17:26,36; 2 Kon 19:4; Matt 16:16; 1 Thess 1:9

***3:10 Kanaäniete ... verdryf:** Gen 15:19-21; Eks 3:8,17; 13:5,11; 23:23-28; 33:2; 34:11; Neh 9:8

***3:11 Heer ... aarde:** Ps 24:1; Miga 4:13; Sag 4:14; 6:5

***3:12** Num 1:4; 13:2; Jos 4:2,4

***3:13 sal die water ... opdam:** Eks 15:8; Jos 3:16; Ps 114:3

ⁿ**3:15 Jordaan ... wal:** Dit is gedurende die vroeë somer in die noordelike halfrond; vgl Jos 4:18; 1 Kron 12:15.

^o**3:16 see ... Araba:** Die Dooie See.

^p**3:16 Soutsee:** Die Hebreeuse naam vir die Dooie See; vgl Gen 14:3.

teenoor Jerigo. ¹⁷ Terwyl die hele Israel op droë grond deurtrek,* het die priesters wat die verbondsark van die HERE dra, in die middel van die Jordaan stewig op droë grond gestaan totdat die hele nasie die deurtog deur die Jordaan voltooi het.

4

Oprig van gedenktekens

¹ Toe die hele nasie die deurtog deur die Jordaan voltooi het, het die HERE vir Josua gesê: ² “*Neem vir julle twaalf manne uit die volk, een man uit elke stam, ³ en gee aan hulle opdrag, ‘Tel vir julle twaalf klippe op* daar in die middel van die Jordaan, op die plek waar die voete van die priesters stewig staan. Neem dit saam met julle deur die rivier en sit dit neer op die plek waar julle vannag gaan oornag.*’ ”

⁴ Josua het die twaalf manne wat hy uit die Israeliete aangewys het, een uit elke stam, ontbied. ⁵ Josua het vir hulle gesê: “Gaan voor die ark van die HERE julle God uit tot in die middel van die Jordaan, en tel elkeen dan self 'n klip op sy skouer, net soveel as die stamme van die Israeliete, ⁶ sodat dit kan dien as 'n teken onder julle. Wanneer julle kinders in die toekoms vra, ‘Wat beteken hierdie klippe vir julle?’* ⁷ moet julle vir hulle sê dat die water van die Jordaan afgesny was voor die verbondsark van die HERE. Sê vir hulle, ‘Toe die ark deur die Jordaan moes gaan, is die water van die Jordaan afgesny; en hierdie klippe dien vir altyd as 'n herinnering aan die Israeliete.’* ”

*3:17 Israel ... deurtrek: Vgl Eks 14:22,29

*4:2 Num 1:4; 13:2,13; Jos 4:4

*4:3 Tel ... klippe op: Deut 27:2; Jos 4:8-9,20

*4:3 plek waar julle ... oornag: Jos 4:8,19

*4:6 Wat ... julle: Jos 4:21; vgl Eks 12:26; 13:14; Deut 6:20; Ps 44:2

*4:7 Toe ... Israeliete: Jos 3:15-16

⁸ Die Israeliete het gemaak soos Josua beveel het: Hulle het twaalf klippe, net soveel as die stamme van die Israeliete, uit die middel van die Jordaan opgetel, soos die HERE vir Josua gesê het. Hulle het dit met hulle saamgeneem na hulle oornagplek en dit daar neergesit.

⁹ Nog twaalf klippe is deur Josua in die middel van die Jordaan opgerig op die plek waar die voete van die priesters wat die verbondsark gedra het, gestaan het. Dit is daar tot vandag toe.

¹⁰ Die priesters wat die ark gedra het, het bly staan in die middel van die Jordaan, totdat alles afgehandel was wat die HERE Josua beveel het om vir die volk te sê, presies soos Moses vir Josua beveel het. Die volk het haastig deurgetrek; ¹¹ en toe die hele volk die deurtog voltooi het, het die ark van die HERE en die priesters voor die volk deurgegaan. ¹² Die nageslag van Ruben en Gad en die halwe stam van Manasse het voor die Israeliete in slagorde deurgetrek, soos Moses vir hulle gesê het. ¹³ Ongeveer veertigduisend het, gewapen vir die oorlog, voor die HERE vir die geveg na die vlaktes van Jerigo deurgetrek. ¹⁴ Op daardie dag het die HERE Josua se aansien verhoog^q in die oë van die hele Israel en hulle het, solank hy geleef het, vir hom ontsag gehad soos hulle vir Moses ontsag gehad het.*

¹⁵ Die HERE het vir Josua gesê: ¹⁶ “Beveel die priesters wat die ark met die Getuienis^r dra, om uit die Jordaan op te klim.” ¹⁷ Josua het toe die priesters beveel: “Klim op uit die Jordaan!” ¹⁸ Toe die priesters wat die verbondsark van die HERE dra, uit die middel van die Jordaan opklim en hulle voetsole droë grond raak, het die water van die Jordaan teruggevloei na sy plek. Dit het soos voorheen kant en wal geloop.*

^q4:14 Josua ... verhoog: Die •bronteks lui “Josua groot gemaak”.

* 4:14 ontsag gehad ... gehad het: Eks 3:12; Jos 1:5; 3:7

^r4:16 die Getuienis: Die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16.

* 4:18 Jordaan opklim ... geloop: Jos 3:15; 1 Kron 12:15

¹⁹ Die volk self het uit die Jordaan opgetrek op die tiende van die eerste maand. Hulle het kamp opgeslaan by Gilgal* aan die oosgrens van Jerigo. ²⁰ *Daardie twaalf klippe wat hulle uit die Jordaan geneem het, het Josua in Gilgal opgerig. ²¹ Hy het vir die Israëliete gesê: “As julle kinders in die toekoms vir hulle ouers vra, ‘Wat beteken hierdie klippe?’” ²² dan moet julle aan julle kinders verduidelik, ‘Op droë grond het Israel deur hierdie Jordaan getrek.’ ²³ *Want die HERE julle God het die water van die Jordaan voor julle laat opdroog, totdat julle deurgetrek het, soos wat die HERE julle God gedoen het met die Rietsee^s wat Hy voor ons laat opdroog het, totdat ons deurgetrek het, ²⁴ *sodat al die volke van die aarde mag weet dat die hand van die HERE sterk is, en sodat julle altyd vir die HERE julle God ontsag sal hê.”

5

Besnydenis by Gilgal

¹ Toe al die konings van die Amoriëte aan die westekant van die Jordaan en al die konings van die Kanaäniete langs die see* hoor dat die HERE die water van die Jordaan voor die Israëliete laat opdroog het totdat hulle deurgetrek het, het hulle harte ineengekrimp,^t sodat hulle

* **4:19 Gilgal:** Jos 5:9

* **4:20** Jos 4:3,9

* **4:21 As ... klippe:** Jos 4:6

* **4:23** Eks 14:16,21-22; Nah 1:4

^s**4:23 Rietsee:** In die OT word die Hebreeuse pleknaam met “Rietsee” vertaal. Die •Septuagint, wat deur die NT gebruik is (vgl Hand 7:36; Heb 11:29), vertaal dit met “•Rooisee”.

* **4:24** Eks 7:5; 10:2; 14:4,18; Ps 83:19; vgl Eks 6:6

* **5:1 Toe ... see:** Num 13:29

^t**5:1 harte ineengekrimp:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “hart laat smelt”; vgl Jos 7:5; 14:8; Jes 13:7.

nie meer moed gehad het vir die Israelite nie.

² In dié tyd het die HERE vir Josua gesê: “Maak vir jou klipmesse en besny* weer die Israelite 'n tweede keer.”^u ³ Josua het toe vir hom klipmesse gemaak en die Israelite besny by Gibeat-Aralot.^v ⁴ En dit is die rede waarom Josua die besnydenis moes doen: Die hele volk wat uit Egipte getrek het, die mans, al die weerbare manne, is op pad in die woestyn^w dood,* gedurende die uittog uit Egipte. ⁵ Die hele volk wat weggetrek het, was immers besny; maar al die volksgenote wat in die woestyn gebore is terwyl hulle op pad was, gedurende hulle uittog uit Egipte, is nie besny nie. ⁶ Want veertig jaar lank het die Israelite in die woestyn rondbeweeg,* totdat die hele nasie weerbare manne wat uit Egipte weggetrek het, tot niet was, hulle wat nie na die stem van die HERE geluister het nie, vir wie die HERE gesweer het dat Hy hulle nie die land sal laat sien* wat die HERE aan hulle voorvaders met 'n eed beloof het om aan ons te gee nie — 'n land wat oorloop van melk en heuning. ⁷ Maar hulle kinders het Hy in hulle plek gestel.* Dit is hulle wat Josua besny het, want hulle was onbesnede, omdat hulle nie op pad besny is nie. ⁸ Toe die hele volk klaar besny is, het hulle net waar hulle was in die kamp gebly, totdat hulle gesond was.

⁹ Die HERE het vir Josua gesê: “Vandag het ek die bespotting van Egipte

***5:2 besny:** Eks 12:44-50

^u**5:2 besny ... keer:** Dit was 'n herinstelling van die besnydenis; vgl ook Jos 5:4-7.

^v**5:3 Gibeat-Aralot:** Die naam beteken ‘die Heuwel van Voorhuide’.

^w**5:4 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

***5:4 Die hele ... dood:** Num 14:29; 26:64-65; Deut 2:16

***5:6 40 jaar ... rondbeweeg:** Num 14:33; Deut 1:3; 2:7; Ps 95:10

***5:6 HERE gesweer ... sien:** Num 14:23; Deut 2:14; Ps 95:11; Heb 3:11

***5:7 Maar ... gestel:** Num 14:31; Deut 1:39

van julle afgewerp.” Daarom is die naam van hierdie plek Gilgal,^x tot vandag toe.

Pasga by Gilgal

¹⁰ Terwyl die Israëliete by Gilgal gekamp het, het hulle op die veertiende dag van die maand teen die aand die Pasga^y gevier in die vlaktes by Jerigo. ¹¹ Die dag ná die Pasga, presies op daardie dag, het hulle van die vrug van die land geëet — ongesuurde brood en gebraaide koring. ¹² * Die manna het opgehou die dag ná hulle van die vrug van die land geëet het. Daar was nie meer manna vir die Israëliete nie. Hulle het in daardie jaar van die opbrengs van die land Kanaän geëet.

Verowering van Jerigo

¹³ Toe Josua naby Jerigo was, het hy opgekyk. Reg voor hom staan daar skielik 'n man met 'n ontblote swaard in sy hand. Josua gaan toe na hom en vra hom: “Is jy vir ons, of vir ons vyande?” ¹⁴ Hy het geantwoord: “Nee, maar ek is die aanvoerder van die leër van die HERE; daarom het ek gekom.” Josua het neergeval met sy gesig teen die grond, in aanbidding neergebuig, en vir hom gesê: “Wat wil my heer vir sy dienaar sê?” ¹⁵ Die leëraanvoerder van die HERE het Josua geantwoord: “Trek jou sandale van jou voete af, want die plek waarop jy staan, is heilig.”* Josua het toe so gemaak.

^x**5:9 Gilgal:** Die naam hou verband met die Hebreeuse woord ‘afrol’; Jos 4:19.

^y**5:10 Pasga:** Die fees wanneer elke gesin in Israel 'n lam moes slag en dit moes eet saam met bitter kruie en ongesuurde brood. Hulle moes die fees vier op 14 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is, tydens die volmaannag in Maart-April; •Feeste.

***5:11 gebraaide koring:** Lev 2:14

***5:12 Eks 16:35**

***5:15 Trek ... heilig:** Eks 3:5; Hand 7:33

6

¹ Jerigo se poorte was egter dig gesluit^z vanweë die Israeliete; niemand het daar uitgegaan of ingegaan nie. ² *Die HERE sê toe vir Josua: “Kyk, Ek gee Jerigo, sy koning en sy dapper krygers in jou hand. ³ Julle moet om die stad trek, al die weerbare manne. Jy moet een keer om die stad gaan. Vir ses dae moet jy só maak: ⁴ *Sewe priesters moet sewe ramshorings voor die ark dra. Op die sewende dag moet julle sewe keer om die stad trek, terwyl die priesters op die ramshorings blaas. ⁵ En wanneer daar lank op die ramshorings geblaas word,* moet al die manskappe, sodra julle die geluid van die ramshorings hoor, 'n baie harde oorlogskreet aanhef. Die stadsmuur sal dan ineens stort, en die manskappe moet bo-oor klim, elke man reg voor hom uit.”

⁶ Josua, seun van Nun, het toe die priesters ontbied en vir hulle gesê: “Dra die verbondsark. Sewe priesters moet sewe ramshorings voor die ark van die HERE dra.” ⁷ Hy sê toe vir die manskappe: “Ruk op en trek om die stad; die gewapende manne moet voor die ark van die HERE opruk.”

⁸ Net toe Josua dit vir die manskappe gesê het, het die sewe priesters wat die sewe ramshorings voor die HERE dra, opgeruk en op die ramshorings geblaas, terwyl die verbondsark van die HERE hulle volg. ⁹ Die gewapende manne het voor die priesters wat op die ramshorings blaas, geloop, terwyl die agterhoede die ark volg. Daar is aanhoudend op die ramshorings geblaas. ¹⁰ Aan die manskappe het Josua die opdrag gegee: “Julle mag nie 'n oorlogskreet aanhef en julle stemme laat hoor

^z6:1 **Jerigo ... gesluit:** Die •bronteks lui “Maar Jerigo het gesluit en was geslote”.

* 6:2 Deut 7:24; Jos 2:24

* 6:4 Jos 6:6,8,13

* 6:5 **lank ... word:** Vgl Eks 19:13

nie. Daar mag nie 'n woord uit julle monde kom nie, tot die dag dat ek vir julle sê, ‘Skreeu!’ dan moet julle die oorlogskreet aanhef.”

¹¹ Josua het die ark van die HERE om die stad laat trek. Dit het een keer om die stad gegaan. Daarna het hulle na die kamp teruggegaan en in die kamp oornag. ¹² * Josua het vroeg die môre opgestaan. Die priesters het die ark van die HERE gedra, * ¹³ en die sewe priesters wat die sewe ramshorings voor die ark van die HERE dra, het aanhoudend op die ramshorings geloop en blaas. Die gewapende manne het voor hulle geloop, en die agterhoede het die ark van die HERE gevolg. Daar is aanhoudend op die ramshorings geblaas. ¹⁴ Op die tweede dag het hulle een keer om die stad getrek en na die kamp teruggekeer. So het hulle dit vir ses dae gedoen. ¹⁵ Op die sewende dag het hulle vroeg, toe die rooidag breek, opgestaan en op dieselfde manier sewe keer om die stad getrek. Net op daardie dag het hulle sewe keer om die stad getrek. ¹⁶ Die sewende keer het die priesters op die ramshorings geblaas. Josua het vir die manskappe gesê: “Hef die oorlogskreet aan, want die HERE gee die stad aan julle! ¹⁷ Die stad en alles wat daarin is, is bangoed vir die HERE.^a Net Ragab, die prostituut, mag leef, sy en almal wat by haar in die huis is, omdat sy die boodskappers wat ons gestuur het, versteek het. * ¹⁸ * Bly net weg van die bangoed, anders neem julle van die bangoed terwyl julle die stad met die banvloek tref. Julle sal die kamp van Israel onder die ban bring en dit in die ongeluk stort. ¹⁹ Al die silwer en die goud en al

* **6:12-21** Heb 11:30

* **6:12 Die priesters ... gedra:** Jos 6:1

^a**6:17 bangoed ... HERE:** Dit is onder die banvloek, wat beteken dat dit volledig aan die HERE behoort. Dit word aan die daaglikse gebruik onttrek en word deel van die heiligdom, of dit word heeltemal vernietig; •Banvloek.

* **6:17 Net ... versteek het:** Jos 2:4,12-21; 6:23; Heb 11:31

* **6:18-19** Deut 13:17; Jos 7:1,21,25; 1 Kron 2:7

die voorwerpe van brons en yster is heilig vir die HERE; na die skatkamer van die HERE moet dit gaan.”

²⁰ Die manskappe het die oorlogskreet aangehef en die priesters het op die ramshorings geblaas. Ja, net toe die manskappe die geluid van die ramshorings hoor, het hulle 'n harde oorlogskreet aangehef. Die stadsmuur het ineengestort, en die manskappe het elkeen reg voor hom uit bo-oor geklim, die stad in. Hulle het die stad ingeneem ²¹ * en alles wat in die stad was, deur die skerpte van die swaard met die banvloek getref — van man tot vrou, kind tot oumens, ja, selfs die beeste, skape en donkies.

²² Vir die twee manne wat die land verken het, het Josua gesê: “Gaan na die huis van die prostituut. Bring die vrou en al haar mense uit, soos julle haar met 'n eed beloof het.” ²³ Die jong manne wat die verkenners was, het toe gegaan en Ragab, haar pa en ma, haar broers en almal wat by haar hoort, na buite gebring. Haar hele familiegroep het hulle na buite gebring en hulle buite die kamp van Israel laat bly.

²⁴ Die stad en alles wat daarin was, het hulle afgebrand. Net die silwer, die goud en voorwerpe van brons en yster het hulle oorhandig vir die skatkamer van die huis van die HERE. * ²⁵ Maar vir Ragab, die prostituut, en haar familie — almal wat by haar hoort — het Josua laat leef. Sy het in Israel bly woon tot vandag toe, * omdat sy die boodskappers wat Josua gestuur het om Jerigo te verken, versteek het.

²⁶ Josua het in daardie tyd 'n eed afgelê:

* 6:21 Deut 20:16

* 6:24 Net ... HERE: Jos 6:19

* 6:25 Sy ... vandag toe: Vgl Matt 1:5; Jak 2:25

“Vervloek voor die HERE is die man
wat opstaan en hierdie stad, Jerigo, herbou: *
Ten koste van sy eersgeborene
sal hy die fundamente lê, *
en ten koste van sy jongste
sal hy die poortdeure oprig.”

²⁷ Die HERE was met Josua, * en sy roem het deur die hele land versprei.

7

Nederlaag by Ai

¹ Die Israëliete het egter 'n daad van ontrou begaan met die bangoed. Akan, seun van Karmi, seun van Sabdi, seun van Serag, van die stam van Juda, het van die bangoed gevat; en die HERE het kwaad geword vir die Israëliete. ² Josua het manne uit Jerigo na Ai gestuur, wat by Bet-Awen, * oos van Bet-El, lê. Hy het vir hulle gesê: “Trek op, verken die land.” Die manne het opgetrek en Ai verken. ³ Hulle het na Josua teruggekom en gesê: “Nie al die manskappe moet optrek nie. Ongeveer twee- of drieduisend man kan optrek; hulle sal Ai verslaan. Moenie al die manskappe die moeite aandoen om hulle daarheen te stuur nie, want daar is maar min mense.”

⁴ Ongeveer drieduisend van die manskappe het daarheen opgetrek, maar hulle het gevlug voor die manne van Ai. * ⁵ Die manne van Ai het ongeveer ses-en-dertig van hulle neergevel. Hulle het hulle van voor die

* **6:26 Vervloek ... herbou:** 1 Kon 16:34

* **6:26 Ten ... lê:** 1 Kon 16:34

* **6:27 Die ... Josua:** Jos 1:5; 3:7; 4:14

* **7:2 Bet-Awen:** Jos 18:12; 1 Sam 13:5; 14:23

* **7:4 maar ... Ai:** Lev 26:17; Deut 28:25

stadspoort af tot by Sebarim^b agtervolg en hulle teen die hang neergevel. Die harte van die manskappe het ineengekrimp^c en soos water geword.

⁶ Josua het sy klere geskeur en tot die aand toe met sy gesig teen die grond neergebuig voor die ark van die HERE — hy en die oudstes^d van Israel. Hulle het stof op hulle koppe gestrooi.^e ⁷ Josua het gesê: “Ag HERE, my Heer, waarom het U hierdie volk ooit deur die Jordaan laat trek om ons in die hande van die Amoriete oor te gee, om ons te vernietig? Was ons maar liewer bereid om oorkant die Jordaan te bly! ⁸ Asseblief, my Heer! Wat moet ek sê nadat Israel voor sy vyande gevlug het?^f ⁹ Die Kanaäniete en al die inwoners van die land sal dit hoor, ons omsingel en ons naam van die aarde af uitroei*. Wat sal U dan doen vir u groot Naam?*

¹⁰ Die HERE het Josua geantwoord: “Staan op! Waarom lê jy nou op jou gesig? ¹¹ Israel het gesondig. Hulle het my verbond wat Ek hulle beveel het, oortree, asook van die bangoed geneem, dit gesteel en daaroor gelieg, en dit boonop by hulle goed gevoeg.* ¹² Die Israeliete sal nie kan standhou voor hulle vyande nie; hulle moet voor hulle vyande vlug,*

^b7:5 Sebarim: Die naam beteken waarskynlik ‘klipgroewe’.

^c7:5 harte ... ineengekrimp: Die Hebreuse idioom kan vertaal word “die hart van die manskappe het gesmelt”; vgl Jos 2:11; 5:1; 14:8; Jes 13:7.

^d7:6 oudstes: Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

^e7:6 stof ... gestrooi: 'n Teken van verootmoediging.

^f7:8 voor ... gevlug het: Die Hebreuse idioom kan vertaal word “vir sy vyande die nek gekeer het”.

*7:9 ons naam ... uitroei: Ps 83:5

*7:9 Wat ... Naam: Jos 9:9; Eseg 36:23

*7:11 asook ... gevoeg: Deut 13:17; Jos 6:19; 7:1; 22:20

*7:12 Rig 2:14

*7:12 vlug: Jos 7:8

omdat hulle self bangoed geword het. Ek sal nie meer met julle wees nie, tensy julle die bangoed tussen julle uitdelg. ¹³ Staan op, heilig die volk en sê, ‘Heilig julleself⁸ teen môre,^{*} want so het die HERE, die God van Israel, gesê: “Bangoed is in jou midde, Israel. Jy sal nie standhou voor jou vyande nie, totdat julle die bangoed uit julle midde verwyder het.”

¹⁴ Kom môreoggend nader volgens julle stamme. Die stam wat die HERE uitwys, moet volgens familiegroepe naderkom, en die familiegroep wat die HERE uitwys, moet volgens families naderkom, en die familie wat die HERE uitwys, moet man vir man naderkom. ¹⁵ Die een wat met die bangoed uitgewys word,^{*} moet verbrand word, hy met alles wat aan hom behoort, omdat hy die verbond van die HERE oortree en heiligs kennis gepleeg het in Israel.’ ”

¹⁶ Josua het vroeg die môre opgestaan en Israel volgens hulle stamme laat naderkom. Die stam van Juda is toe uitgewys. ¹⁷ Hy het die familiegroepe van Juda laat naderkom, en die familiegroep van Serag^{*} is uitgewys. Daarna het hy die familiegroep van Serag man vir man laat naderkom, en Sabdi is uitgewys. ¹⁸ Toe het hy Sabdi se familie man vir man laat naderkom, en Akan, die seun van Karmi, seun van Sabdi, seun van Serag, van die stam van Juda, is uitgewys.^{*}

¹⁹ Josua sê toe vir Akan: “My seun, gee tog eer aan die HERE, die God van Israel,^{*} en bring lof aan Hom. Vertel my tog wat jy gedoen het. Moenie vir my iets wegsteek nie.” ²⁰ Akan het Josua geantwoord en gesê:

⁸**7:13 Heilig julleself:** Dit verwys na rituele reinigingshandelinge; vgl Eks 19:10,15.

^{*}**7:13 Heilig julleself teen môre:** Eks 19:10,14; Num 11:18; Jos 3:5

^{*}**7:15 Die een ... uitgewys word:** Jos 7:11

^{*}**7:17 Serag:** Num 26:20

^{*}**7:18 Akan ... uitgewys:** Jos 7:1

^{*}**7:19 gee ... Israel:** Esra 10:1,11; Jes 42:12; Jer 13:16; Joh 9:24

“Waarlik, dit is ek wat gesondig het teen die HERE, die God van Israel. Dit is wat ek gedoen het: ²¹ Ek het onder die buit een mooi ampsgewaad uit Sinar, tweehonderd sikkel^h silwer en een staaf goud wat vyftig sikkelⁱ weeg, gesien. Ek het dit begeer en dit gevat. Kyk, dit is weggesteek in die grond, binne-in my tent. Die silwer is heel onder.”

²² Josua het toe boodskappers gestuur. Hulle het na die tent gehardloop, en sowaar, dit was weggesteek in die tent met die silwer heel onder. ²³ Hulle het dit uit die tent gehaal en na Josua en al die Israelite gebring. Hulle het dit voor die HERE uitgeskud. ²⁴ Josua en die hele Israel saam met hom, neem toe vir Akan, afstammeling van Serag, met die silwer, die ampsgewaad en die staaf goud, asook sy seuns en dogters, sy beeste, sy donkies, sy kleinvee, sy tent en alles wat aan hom behoort. Hulle het hulle laat opgaan in die vallei van Akor. ²⁵ Josua het gesê: “Hoe het jy ons in die ongeluk gestort!* Vandag stort die HERE jou in die ongeluk!” Toe gooi die hele Israel hom met klippe dood.* Die res het hulle verbrand of gestenig. ²⁶ Hulle het 'n groot hoop klippe op hom gepak, wat vandag nog daar is,* en die HERE se gloeiende toorn het bedaar.* Daarom het hulle daardie plek ‘Vallei van Akor’^j genoem, tot vandag toe.

^h7:21 200 sikkel: Ongeveer 2,28 kg; •Geldeenhede.

ⁱ7:21 50 sikkel: Ongeveer 570 g.

*7:25 Hoe ... ongeluk gestort: Jos 6:18

*7:25 Toe ... dood: Deut 17:5

*7:26 Hulle ... is: Jos 8:29; 10:27

*7:26 en ... bedaar: Deut 13:17

^j7:26 Vallei van Akor: Die naam ‘Akor’ hou verband met ‘in die ongeluk stort’; vgl Jes 65:10; Hos 2:14.

Vernietiging van Ai

¹ Die HERE het vir Josua gesê: “Moenie bang wees nie en moet jou nie laat afskrik nie.* Neem al die weerbare manskappe saam met jou; maak gereed en trek op na Ai. Kyk, Ek gee die koning van Ai en sy mense, sy stad en sy gebied, in jou hand.* ² Jy moet met Ai en sy koning maak soos jy met Jerigo en sy koning gemaak het.* Net die buit en die vee mag julle vir julleself hou.* Stel 'n hinderlaag op vir die stad aan die agterkant.”

³ Josua en al die weerbare manskappe het toe gereedgemaak om teen Ai op te trek. Josua het dertig afdelings manne,^k dapper krygers, uitgesoek en hulle in die nag uitgestuur. ⁴ Hy het hulle beveel: “Kyk, julle moet vir die stad 'n hinderlaag opstel,* aan die agterkant van die stad. Julle moet dit nie te ver van die stad af doen nie, en julle moet almal slaggereed wees. ⁵ Ek en al die manskappe wat by my is, sal die stad nader, en wanneer hulle uitkom om soos die vorige keer teen ons te staan te kom, sal ons voor hulle uit vlug.* ⁶ Hulle sal uittrek agter ons aan totdat ons hulle van die stad af weggelok het, want hulle sal dink, hulle vlug voor ons uit, soos die vorige keer. Terwyl ons dan voor hulle uit vlug, ⁷ moet julle uit die hinderlaag opstaan en die stad beset. Die HERE julle God gee dit in julle hand. ⁸ Wanneer die stad onder julle beheer is, moet julle dit aan die brand steek. Ooreenkomstig die woord

*8:1 Moenie ... afskrik nie: Deut 31:8; Jos 1:9; 10:25

*8:1 Ek ... hand: Jos 2:24

*8:2 Jerigo ... het: Jos 6:21

*8:2 Net ... hou: Deut 20:14

^k8:3 30 ...manne: Kan ook vertaal word “dertigduisend man”; vgl egter Jos 8:12.

*8:4 hinderlaag opstel: Jos 8:12,14,19; vgl Rig 20:29,37

*8:5 ons voor ... vlug: Rig 20:32

van die HERE moet julle optree. Kyk, dit is my opdragte aan julle.”

⁹ Josua het hulle weggestuur en hulle het na die plek vir die hinderlaag gegaan. Hulle het stelling ingeneem tussen Bet-El en Ai, aan die westekant van Ai.* Josua het daardie nag tussen die manskappe deurgebring.

¹⁰ Josua het vroeg die môre opgestaan, die manskappe gemonster en opgetrek na Ai — hy en die oudstes^l van Israel aan die voorpunt van die manskappe. ¹¹ Al die weerbare manskappe wat by hom was, het opgetrek; hulle het nadergegaan, en toe hulle by die stad aankom, het hulle aan die noordekant van Ai kamp opgeslaan, met die vallei tussen hulle en Ai.

¹² Hy het ongeveer vyfduisend man geneem en hulle in 'n hinderlaag opgestel tussen Bet-El en Ai, aan die westekant van die stad. ¹³ Hulle het dus die manskappe só opgestel: die hoofmag aan die noordekant van die stad, en die agterhoede aan die westekant van die stad.

Josua het daardie nag na die middel van die vallei beweeg. ¹⁴ Toe die koning van Ai hulle sien, het hy en die manne van die stad Israel vroeg die oggend haastig tegemoetgetrek vir die geveg by 'n sekere plek voor die Jordaanvallei.^m Dit was hy en al sy manskappe. Hy het egter nie geweet dat daar vir hom 'n hinderlaag agter die stad wag nie.*

¹⁵ * Josua en die hele Israel het voor hulle teruggeval en gevlug in die rigting van die woestyn.ⁿ ¹⁶ Al die manskappe wat in die stad was, is

* **8:9 Bet-El ... van Ai:** Jos 7:2; vgl Gen 12:8; 13:3

^l**8:10 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

^m**8:14 Jordaanvallei:** Dit verwys hier na die Jordaanvallei wes van die rivier. Die bronteks lui “die Araba”.

* **8:14 Hy het ... wag nie:** Rig 20:34

* **8:15** Rig 20:36

ⁿ**8:15 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

byeengeroep om hulle te agtervolg; en toe hulle Josua agtervolg, is hulle uit die stad gelok.* ¹⁷ Daar het niemand in Ai en Bet-El oorgebly wat nie uitgetrek het agter Israel aan nie. Hulle het die stad oop agtergelaat en Israel agtervolg.

¹⁸ Toe sê die HERE vir Josua: “Steek die kromswaard wat in jou hand is, uit na Ai, want Ek gee dit in jou hand.” Josua het toe die kromswaard wat in sy hand was, na die stad uitgesteek. ¹⁹ Toe hy sy hand uitsteek, het die manne in die hinderlaag dadelik opgespring uit hulle plekke, gehardloop en in die stad ingegaan. Hulle het dit ingeneem en die stad vinnig aan die brand gesteek. ²⁰ Toe die manne van Ai omdraai, sien hulle — daar styg die rook van die stad op na die hemel! Hulle kon nie na een van die twee kante vlug nie, nie na hierdie of daardie kant nie, want die manskappe wat na die woestyn op vlug was, het omgedraai na die agtervolgers.

²¹ Toe Josua en die hele Israel sien dat die manskappe uit die hinderlaag die stad ingeneem het en dat die rook uit die stad opstyg, het hulle omgedraai en die manne van Ai aangeval. ²² Toe trek die ander uit die stad die manne van Ai tegemoet, en so was hulle in die middel van die Israeliete, die een groep aan hierdie kant en die ander aan daardie kant. Israel het hulle verslaan, totdat daar van hulle niemand oor was wat ontvlug of ontkom het nie.* ²³ Die koning van Ai is egter lewend gevang en na Josua gebring.

²⁴ Nadat Israel al die inwoners van Ai in die veld, in die woestyn, waar hulle hulle agtervolg het, klaar om die lewe gebring het, en almal van hulle, tot die laaste man toe, deur die skerpte van die swaard geval het, het die hele Israel teruggekeer na Ai en die stad met die skerpte van die swaard verslaan. ²⁵ Almal wat daardie dag gesneuwel het, mans en

*8:16 is hulle ... gelok: Jos 8:6

*8:22 totdat ... nie: Jos 10:28,33; vgl Deut 7:2

vroue, al die mense van Ai, was twaalfduisend. ²⁶ Josua het nie sy hand met die kromswaard wat hy uitgesteek het, teruggetrek nie, totdat hy al die inwoners van Ai met die banvloek^o getref het. ²⁷ *Net die vee en die buit van daardie stad het Israel vir hulleself gevat, volgens die woord van die HERE wat Hy Josua beveel het.

²⁸ Josua het Ai afgebrand en dit vir altyd 'n puinheuvel^p gemaak, 'n woesteny, tot vandag toe. ²⁹ Die koning van Ai het hy aan 'n paal^q gehang tot die aand. * Teen sonder het Josua bevel gegee, en hulle het sy lyk van die paal afgehaal, dit by die ingang van die stad gegooi en 'n groot hoop klippe op hom gepak, wat vandag nog daar is.*

Voorlesing van die wet

³⁰ *Daarna het Josua vir die HERE, die God van Israel, 'n altaar gebou by die berg Ebal, ³¹ soos wat Moses, die dienskneg van die HERE, die Israëliete opdrag gegee het, soos dit geskryf staan in die boekrol met die Wet van Moses, “'n altaar van onbewerkte klippe, waaroor geen yster beweeg is nie”. * Hulle het toe •brandoffers daarop vir die HERE gebring,

^o8:26 banvloek: Die banvloek beteken dat iets volledig aan die HERE behoort. Dit word aan die daaglikse gebruik onttrek en word deel van die tempel of tempelpersoneel se besittings, of dit word, soos in hierdie geval, heeltemal vernietig; •Banvloek.

* **8:27** Jos 8:2

^p8:28 puinheuvel: 'n Heuvel wat ontstaan het as gevolg van die opeenhoping van die ruïnes en puin van verwoeste stede; vgl Deut 13:16.

^q8:29 paal: Die Hebreeuse woord kan ook vertaal word as “boom” of “hout”.

* **8:29 paal ... aand:** Deut 21:22-23

* **8:29 groot ... is:** Jos 7:26; 10:27

* **8:30-35** Deut 27:1 — 28:68

* **8:31 'n altaar ... nie:** Eks 20:25; Deut 27:6

en ook maaltydoffers^r geslag.

³² Josua het daar 'n afskrif van die Wet van Moses op klippe gemaak, wat hy voor die oë van die Israëliete opgeskryf^s het. ³³ Die hele Israel, landsburgers asook vreemdelinge,^{t*} en hulle oudstes,^u regsbeamptes* en regters, het aan weerskante van die ark gestaan, reg teenoor die priesters, die Leviete, wat die verbondsark van die HERE dra.* Die een helfte van Israel was aan die kant van die berg Gerisim, en die ander helfte aan die kant van die berg Ebal, soos Moses, die dienskneg van die HERE, vroeër beveel het dat die volk Israel geseën moet word.* ³⁴ Daarna het Josua al die woorde van die wet voorgelees, die seën en die vervloeking,* presies soos dit geskryf staan in die boekrol met die wet. ³⁵ Daar is nie 'n enkele woord van alles wat Moses beveel het, wat Josua nie voorgelees het voor die hele geloofsgemeenskap^v van Israel en voor die vroue, die kinders en vreemdelinge wat met hulle saamgegaan het nie.

[†]**8:31 maaltydoffers:** Diereoffers (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet.

[†]**8:32 afskrif ... opgeskryf:** Die klippe is eers met kalk afgewit; vgl Deut 27:2-3.

[†]**8:33 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. •Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

^{*}**8:33 landsburgers ... vreemdelinge:** Deut 31:12

^u**8:33 oudstes:** Vgl voetnoot in Jos 8:10.

^{*}**8:33 oudstes, regsbeamptes:** Num 11:16

^{*}**8:33 priesters ... dra:** Deut 31:9

^{*}**8:33 Gerisim ... word:** Deut 11:29

^{*}**8:34 seën ... vervloeking:** Deut 28:1-68

[†]**8:35 geloofsgemeenskap:** 'n Byeenkoms wat meestal uit mans bestaan het, maar waarby vroue, kinders en vreemdelinge ook teenwoordig kon wees.

9

Verdrag met die Gibeoniete

¹ Toe al die konings wat anderkant die Jordaan was, dit hoor — in die bergland, die Sjefela,^w en langs die hele kus van die Groot See^x tot teen die Libanon; dit is die Hetiete, die Amorie, die Kanaäniete, die Feresiete, die Hewiete en die Jebusiete* — ² het hulle byeengekom en eenparig besluit om teen Josua en Israel te veg.

³* Maar toe die inwoners van Gibeon* hoor wat Josua aan Jerigo en Ai gedoen het, ⁴ het hulle op hulle beurt slinks opgetree: Hulle het gegaan en vir hulle padkos voorberei,^y en hulle het verslete saalkleedjies vir hulle donkies en wyn in verslete leersakke,^z wat gebars en toegewerk was, saamgeneem. ⁵ Daar was verslete en gelapte sandale aan hulle voete, en die klere aan hulle was ook verslete. Al die brood van hulle padkos was droog; dit het krummels geword.

⁶ Hulle het na Josua in die kamp by Gilgal* gegaan, en vir hom en die manne van Israel gesê: “Ons kom van 'n baie ver land; sluit daarom nou

^w**9:1 Sjefela:** Die laer liggende heuwellandskap wes van die sentrale bergland in Palestina; vgl Jos 11:16; 12:8; 15:33.

^x**9:1 Groot See:** Die Middellandse See.

^{*}**9:1 Hetiete ... Jebusiete:** Gen 15:19-21; Eks 3:8; 13:5; 23:23-28; 33:2; 34:11; Neh 9:8

^{*}**9:3** Jos 6:1-27; 8:1-29

^{*}**9:3 Gibeon:** Jos 10:1-14; vgl 1 Sam 22:18-19; 2 Sam 21:1-2

^y**9:4 padkos voorberei:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Sommige ou Hebreeuse mss en die •Septuagint word hier gevolg.

^z**9:4 leersakke:** Die leersak is gewoonlik van 'n volle skaap- of bokvel gemaak en kon gevul word met water of wyn.

^{*}**9:6 kamp by Gilgal:** Jos 4:19; 5:10

met ons 'n verdrag.”⁷ Maar die manne van Israel het die Hewiete^a geantwoord: “Miskien woon julle hier tussen ons — hoe kan ons dan met julle 'n verdrag sluit?”*

⁸ Hulle sê toe vir Josua: “Ons is u dienaars.” Josua het vir hulle gevra: “Wie is julle en waar kom julle vandaan?”⁹ Hulle het hom geantwoord: “Van 'n baie ver land het u dienaars gekom, oor die roem van die HERE u God; want ons het die berigte oor Hom gehoor: alles wat Hy in Egipte gedoen het,¹⁰* en alles wat Hy gedoen het aan die twee konings van die Amoriëte wat oorkant die Jordaan was, aan Sihon, die koning van Gesbon, en aan Og, die koning van Basan, wat in Astarot was.*¹¹ Ons oudstes^b en al die inwoners van ons land het vir ons gesê, ‘Neem padkos met julle saam vir die reis en gaan hulle tegemoet. Sê vir hulle: “Ons is u dienaars; daarom, sluit nou met ons 'n verdrag.”’¹² Hierdie brood van ons — warm het ons dit uit ons huise geneem as padkos die dag toe ons uitgegaan het om na julle te kom. En nou, kyk, dit is droog en het krummels geword.¹³ En hier is die leersakke met wyn wat ons volgemaak het toe dit nog nuut was. En kyk, dit het gebars! Hier is ons klere en ons sandale; dit is verslete van die baie lang reis.”¹⁴ Toe aanvaar die manne hulle woord op grond van hulle padkos. Maar die HERE se beslissing* het hulle nie gevra nie.¹⁵ Josua het toe vir hulle vrede aangebied, en met hulle 'n verdrag gesluit* om hulle te laat leef.

^a9:7 Hewiete: Die inwoners van Gibeon was Hewiete; Jos 11:19.

*9:7 hoe ... sluit: Deut 7:2

*9:10 Deut 1:4; Jos 12:4

*9:9-10 berigte ... was: Jos 2:10

^b9:11 oudstes: Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

*9:14 HERE se beslissing: Num 27:21

*9:15 verdrag gesluit: Jos 11:19

Die leiers^c van die volksvergadering^d het dit vir hulle met 'n eed bevestig.

¹⁶ Maar ná drie dae, nadat Israel met hulle 'n verdrag gesluit het, het hulle gehoor dat hulle bure is en tussen hulle woon. ¹⁷ Die Israeliete het verder getrek en op die derde dag by hulle stede aangekom. Hulle stede was Gibeon,* Kefira,* Beërot* en Kirjat-Jearim.* ¹⁸ Maar die Israeliete het hulle nie aangeval nie, omdat die leiers van die volksvergadering vir hulle voor die HERE, die God van Israel, 'n eed afgelê het. Die hele volksvergadering het teenoor die leiers gemor. ¹⁹ Toe sê al die leiers vir die hele volksvergadering: “Ons het self vir hulle 'n eed afgelê voor die HERE, die God van Israel. Daarom kan ons nie aan hulle raak nie. ²⁰ Dit is wat ons aan hulle sal doen: Ons sal hulle laat leef, sodat 'n woede ons nie tref oor die eed wat ons vir hulle gesweer het nie.” ²¹ Die leiers het dus vir die volksvergadering gesê: “Hulle sal leef.” Maar hulle het houtkappers en waterdraers geword vir die hele volksvergadering soos die leiers vir hulle gesê het.

²² Josua het hulle ontbied en met hulle gepraat. Hy het gesê: “Waarom het julle ons mislei deur te sê, ‘Ons woon baie ver van julle af,’ terwyl julle tussen ons woon? ²³ *Daarom, vervloek is julle! Julle sal julle knegskap nie kan afskud nie; houtkappers en waterdraers sal julle wees vir die huis van my God.” ²⁴ Hulle het Josua geantwoord en gesê:

^c**9:15 leiers:** In Hebreeus *•nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

^d**9:15 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

***9:17 Gibeon:** Jos 9:3

***9:17 Kefira:** Jos 18:26; Esra 2:25; Neh 7:29

***9:17 Beërot:** Jos 18:25; 2 Sam 23:37; Esra 2:25; Neh 7:29

***9:17 Kirjat-Jearim:** Jos 15:9,60; 18:14-15; Rig 18:12; 1 Sam 6:21; 2 Kron 1:4; Esra 2:25; Neh 7:29

***9:23** Vgl Gen 9:25

“Omdat daar duidelik berig gebring is aan u dienaars dat die HERE u God sy dienskneg Moses beveel het om die hele land aan julle te gee en om al die inwoners van die land voor julle uit te delg,* het ons, as gevolg van julle, ernstig gevrees vir ons lewens,* en so opgetree.²⁵ En nou, kyk, ons is in u hand. Soos dit goed en reg is in u oë, moet u met ons maak.”

²⁶ Dit is wat hy toe met hulle gedoen het: Hy het hulle gered uit die hand van die Israeliete, en hulle het hulle nie doodgemaak nie.²⁷ Op daardie dag het Josua hulle houtkappers en waterdraers gemaak vir die volksvergadering en vir die altaar van die HERE, op die plek wat Hy sou kies.* Hulle is dit tot vandag toe.

10

Verowerings in die suide

¹ Toe Adoni-Sedek, die koning van Jerusalem, hoor dat Josua Ai ingeneem en dit met die banvloek^e getref het, dat hy met Ai en sy koning gedoen het* wat hy met Jerigo en sy koning gedoen het,* en dat die inwoners van Gibeon met Israel vrede gesluit het en tussen hulle was,*² het hy vreesbevange geword.* Gibeon was immers 'n groot stad, soos een van die koningstede — ja, dit was groter as Ai, en al sy manne was

*9:24 Moses ... delg: Deut 7:1-2

*9:24 het ons ... lewens: Vgl Jos 2:9-11

*9:27 plek ... kies: Deut 12:5,11

^e10:1 banvloek: Die banvloek beteken dat iets volledig aan die HERE behoort. Dit word aan die daaglikse gebruik onttrek en word deel van die tempel of tempelpersoneel se besittings, of dit word, soos in hierdie geval, heeltemal vernietig; vgl Num 18:14; •Banvloek.

*10:1 Ai ingeneem ... Ai en sy koning gedoen het: Jos 8:9-29

*10:1 Jerigo ... gedoen het: Jos 6:15-21

*10:1 Gibeon ... was: Jos 9:3-27

*10:2 vreesbevange geword: Deut 11:25

helde. ³ Adoni-Sedek, die koning van Jerusalem, stuur toe 'n boodskap na Hoham, die koning van Hebron,* na Piram, die koning van Jarmut,* na Jafia, die koning van Lagis,* en na Debir, die koning van Eglon* met die woorde: ⁴ “Trek op na my toe, en help my dat ons Gibeon aanval; want hulle het met Josua en die Israëliete vrede gesluit.”

⁵ Die vyf konings van die Amoriëte het toe bymekaargekom en opgetrek — die koning van Jerusalem, die koning van Hebron, die koning van Jarmut, die koning van Lagis en die koning van Eglon — hulle met al hulle leërs. Hulle het Gibeon beleër en teen die stad oorlog gevoer. ⁶ Die manne van Gibeon het hierdie boodskap na Josua gestuur, na die kamp by Gilgal:* “Moet u dienaars nie in die steek laat nie! Trek gou na ons op! Red ons en help ons! Want al die konings van die Amoriëte wat in die bergland woon, het teen ons saamgetrek.”

⁷ Josua het toe van Gilgal af opgetrek, hy en al die weerbare manskappe saam met hom, al die dapper krygers. ⁸ Die HERE het vir Josua gesê: “Moenie vir hulle bang wees nie, want Ek gee hulle in jou hand. Niemand van hulle sal voor jou staande bly nie.” ⁹ Josua het hulle verras; hy het die hele nag vanaf Gilgal getrek. ¹⁰ Die HERE het hulle verward laat raak* voor Israel, en Josua het hulle 'n groot nederlaag toegedien by Gibeon. Hy het hulle agtervolg in die rigting van die opdraande by Bet-Goron,* en hulle afgemaai tot by Aseka* en Makkeda.*

*10:3 Hoham ... Hebron: Jos 10:36-37; 12:10; 14:13-15

*10:3 Piram ... Jarmut: Jos 12:11; 15:35

*10:3 Jafia ... Lagis: Jos 10:31-33; 12:11; 15:39

*10:3 Debir ... Eglon: Jos 10:36-37; 12:13

*10:6 kamp by Gilgal: Jos 4:19; 5:10; 9:6

*10:10 verward laat raak: 1 Sam 7:10; Sag 12:4; 14:13

*10:10 Bet-Goron: Jos 18:14; 1 Sam 13:18; vgl Jos 16:3,5; 18:13

*10:10 Aseka: Jos 15:35; Jer 34:7

*10:10 Makkeda: Jos 10:16,28; 12:16; 15:41

¹¹ Terwyl hulle op vlug was voor Israel teen die afdraande by Bet-Goron, het die HERE groot klippe uit die hemel op hulle gewerp, tot by Aseka, sodat hulle gesterf het. Dié wat deur die haelstene* gesterf het, was meer as dié wat deur die Israeliete met die swaard doodgemaak is.

¹² Dit was in dié tyd dat Josua met die HERE gepraat het, die dag toe die HERE die Amoriëte aan die Israeliete oorgelewer het. Hy het, terwyl Israel toekyk, gesê:

“Son, staan stil in Gibeon,*
en maan, in die vallei van Ajalon!***”

¹³ En die son het stilgestaan
en die maan het gaan staan,
totdat 'n nasie wraak geneem het
op sy vyande.

Staan dit nie geskryf in die *Boekrol van Jasjar*^f nie? Ja, die son het gaan staan in die middel van die hemelruim, en hy was ongeveer 'n volle dag nie haastig om onder te gaan nie. ¹⁴ Daar was nooit tevore of daarna 'n dag soos hierdie nie, waarop die HERE geluister het na die stem van 'n mens. Ja, die HERE het vir Israel geveg.*

¹⁵ Josua en die hele Israel saam met hom het na die kamp in Gilgal teruggekeer. ¹⁶ Hierdie vyf konings* het egter gevlug en in die grot by

*10:11 haelstene: Ps 18:14

*10:12 Son ... Gibeon: Hab 3:11; vgl Jes 28:21

*10:12 vallei van Ajalon: Jos 19:42; 21:24; Rig 1:35

^f10:13 Boekrol van Jasjar: Die naam kan ook vertaal word “Boekrol van die Opregte”.

*10:14 Ja ... geveg: Eks 14:14; Jos 10:42; 23:3

*10:16 vyf konings: Jos 10:3

Makkeda weggekruip. ¹⁷ Aan Josua is berig gebring: “Die vyf konings is gevind waar hulle wegkruip in die grot by Makkeda.” ¹⁸ Josua het gesê: “Rol groot klippe voor die ingang van die grot en stel manne daar aan om hulle op te pas. ¹⁹ En wat julle betref, julle moet nie bly staan nie; agtervolg julle vyande en val hulle van agter aan. Moet hulle nie toelaat om hulle stede te bereik nie, want die HERE julle God gee hulle in julle hand.”

²⁰ Nadat Josua en die Israeliete hulle klaar 'n baie groot nederlaag toegedien het, totdat hulle uitgewis was — die vrygeraaktes onder hulle het ontvlug en in die versterkte stede aangekom — ²¹ het al die manskappe veilig teruggekeer na die kamp, na Josua in Makkeda. Niemand het 'n woord teen die Israeliete gesê⁸ nie.

²² Josua het gesê: “Maak oop die ingang van die grot en bring hierdie vyf konings uit die grot na my toe.” ²³ Hulle het dit toe gedoen. Hulle het hierdie vyf konings uit die grot na hom gebring: die koning van Jerusalem, die koning van Hebron, die koning van Jarmut, die koning van Lagis en die koning van Eglon. ²⁴ Nadat hulle hierdie konings na Josua uitgebring het, het Josua al die manne van Israel geroep. Hy het vir die aanvoerders van die weerbare manne wat saam met hom gegaan het, gesê: “Kom nader! Sit julle voete op die nekke van hierdie konings!” Hulle het toe nadergegaan en hulle voete op die nekke van die konings gesit. ²⁵ Josua sê toe vir hulle: “Moenie bang wees nie en moet julle nie laat afskrik nie. Wees vasberade en sterk,^{*} want so sal die HERE met al julle vyande maak teen wie julle gaan veg.^{*}”

²⁶ Daarna het Josua die konings neergevel en hulle doodgemaak. Hy het

⁸**10:21 woord ... gesê:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “sy tong vir die Israeliete skerpmaak”.

^{*}**10:25 Moenie ... sterk:** Deut 31:7; Jos 1:6-7,9,18

^{*}**10:25 want so ... veg:** Vgl Deut 3:21; 7:19

hulle aan vyf pale gehang,^h en hulle het aan die pale bly hang tot die aand. ²⁷ Teen sonder het Josua bevel gegee, en hulle is van die pale afgehaal en in die grot gegooi waar hulle weggekrui het. Groot klippe is voor die ingang van die grot gepak, wat tot vandag toe nog daar is.*

²⁸ Josua het ook Makkeda op daardie dag ingeneem, en die stad en sy koning met die skerpte van die swaard verslaan. Hy het hulle en elke lewende wese daarin met die banvloek getref. Hy het niemand laat vrykom nie. Met die koning van Makkeda het hy gemaak soos hy met die koning van Jerigo gemaak het.*

²⁹* Josua en die hele Israel saam met hom het toe van Makkeda af na Libna getrek en teen Libna oorlog gevoer. ³⁰ Die HERE het ook Libna en sy koning in Israel se hand gegee. Hy het die stad en elke lewende wese daarin met die skerpte van die swaard verslaan. Hy het niemand daarin laat vrykom nie, en hy het met sy koning gemaak soos hy met die koning van Jerigo gemaak het.

³¹ Josua en die hele Israel saam met hom het toe van Libna af na Lagis getrek. Hy het dit beleër en teen die stad oorlog gevoer. ³²* Die HERE het Lagis in die hand van Israel gegee. Josua het die stad op die tweede dag ingeneem en dit en elke lewende wese daarin met die skerpte van die swaard verslaan, presies soos hy met Libna gemaak het. ³³ Dit was in dié tyd dat Horam, die koning van Geser,* opgetrek het om Lagis te help, maar Josua het hom en sy manskappe so verslaan dat hy niemand vir

^h**10:26 aan ... gehang:** Die oortreders is waarskynlik gedood, daarna is hulle arms en bene gebreek voordat hulle aan pale deurboor is; vgl Deut 21:22-23.

***10:27 Groot ... daar is:** Jos 7:26

***10:28 Hy het hulle ... gemaak het:** Deut 20:16; Jos 6:21

***10:29-30** Jos 12:15; 21:13; 2 Kon 8:22

***10:32** Jos 10:3

***10:33 Geser:** Jos 12:12; 16:10; Rig 1:29; 1 Kon 9:15-17

Horam laat vrykom het nie.

³⁴ *Josua en die hele Israel saam met hom het van Lagis af getrek na Eglon. Hy het dit beleër en teen die stad oorlog gevoer. ³⁵ Hulle het die stad op dieselfde dag ingeneem en dit met die skerpte van die swaard verslaan. Elke lewende wese daarin het hy nog dieselfde dag met die banvloek getref, presies soos hy met Lagis gemaak het.

³⁶ Daarna het Josua en die hele Israel saam met hom van Eglon af na Hebron opgetrek en teen die stad oorlog gevoer. ³⁷ Hulle het dit ingeneem en die stad met sy koning, al sy dorpies en elke lewende wese daarin met die skerpte van die swaard verslaan. Hy het niemand laat vrykom nie, presies soos hy met Eglon gemaak het. Hy het die stad met alle lewende wesens daarin met die banvloek getref. ³⁸ Josua en die hele Israel saam met hom, het omgedraai na Debir* en teen die stad oorlog gevoer. ³⁹ Hy het dit met al sy dorpies ingeneem. Die koning het hy gevange geneem. Hy het hulle met die skerpte van die swaard verslaan, elke lewende wese daarin met die banvloek getref en niemand laat vrykom nie. Soos hy met Hebron gemaak het, so het hy ook met Debir en sy koning gemaak, net soos hy met Libna en sy koning gemaak het.

⁴⁰ Josua het die hele land verslaan, die bergland, die Negev,ⁱ die Sjefela^j en die berghange met al hulle konings. Hy het niemand laat vrykom nie. Alles wat asemhaal, het hy met die banvloek getref, soos die HERE, die God van Israel, beveel het. ⁴¹ Josua het hulle verslaan van Kades-Barnea

***10:34** Jos 10:3

***10:38 Debir:** Jos 11:21; 12:13; Rig 1:11

ⁱ**10:40 Negev:** Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland. “Negev” word in Hebreeus ook gebruik as 'n rigtingaanduiding, naamlik “suide, suidwaarts”; vgl Jos 11:16; 12:8.

^j**10:40 Sjefela:** Die laer liggende heuwellandskap wes van die sentrale bergland in Palestina; vgl Jos 11:16; 12:8; 15:33.

tot by Gasa. Die hele Gosenstreek^k tot by Gibeon — ⁴² al hierdie konings en hulle land het Josua met een veldtog verower, want die HERE, die God van Israel, het vir Israel geveg. ⁴³ Josua en die hele Israel saam met hom, het teruggekeer na die kamp by Gilgal.

11

Verowerings in die noorde

¹ Toe Jabin,* die koning van Hasor,* dit hoor,* het hy 'n boodskap gestuur na Jobab, die koning van Madon,* na die koning van Simron,* na die koning van Aksaf* ² en na die konings in die noorde: in die bergland, in die Jordaanvallei^l suid van Gennesaret, in die Sjefela,^m en in die heuweland by Dor in die weste — ³ die Kanaäniete in die ooste en weste, die Amoriëte, die Hetiëte, en Feresiëte, die Jebusiëte in die bergland en die Hewiëte onderkant Hermon in die Mispestreek.*

⁴ Hulle het met al hulle leërs saam met Jabinⁿ uitgetrek, met baie manskappe, so talryk soos die sand op die seestrand, en met 'n groot

^k**10:41 Gosenstreek:** Dit verwys nie na die gebied in Egipte met dieselfde naam nie, maar na 'n streek in die suidelike sentrale bergland; vgl Jos 11:16; 15:51.

***11:1 Jabin:** Rig 4:2; Ps 83:10

***11:1 Hasor:** Jos 11:10,13; 12:19; Rig 4:2; 1 Kon 15:29

***11:1 dit hoor:** Jos 10:1-42

***11:1 Madon:** Jos 12:19

***11:1 Simron:** Jos 12:20

***11:1 Aksaf:** Jos 12:20

^l**11:2 Jordaanvallei:** Dit verwys hier na die Jordaanvallei wes van die rivier. Die bronteks lui “die Araba”.

^m**11:2 Sjefela:** Die laer liggende heuwellandskap wes van die sentrale bergland in Palestina; vgl Jos 10:40; 12:8; 15:33.

***11:3 Mispestreek:** Jos 11:8

ⁿ**11:4 Jabin:** Die bronteks lui “hulle”.

aantal perde en strydwaens. ⁵ Al hierdie konings het kragte saamgesnoer, gegaan en kamp opgeslaan by die waters van Merom om teen Israel oorlog te voer. ⁶ Die HERE het vir Josua gesê: “Moenie vir hulle bang wees nie, want môre teen hierdie tyd sal Ek hulle almal doodgemaak aan Israel oorlewer. Hulle perde se hakskeenseninge moet jy afkap, en hulle strydwaens moet jy verbrand.”

⁷ Josua en al die weerbare manskappe saam met hom het hulle by die waters van Merom verras en hulle oorval. ⁸ Die HERE het hulle in die hand van Israel gegee, en Israel het hulle verslaan en agtervolg tot by Groot-Sidon, Misrefot-Majim en die Mispervallei in die ooste. Hulle het hulle verslaan, totdat daar van hulle niemand oor was wat ontvlug het nie. ⁹ Josua het met hulle gemaak soos die HERE vir hom gesê het: Hulle perde se hakskeenseninge het hy afgekap en hulle strydwaens het hy verbrand.

¹⁰ In daardie tyd het Josua teruggedraai, Hasor ingeneem en sy koning met die swaard doodgemaak. Vroeër was Hasor immers die belangrikste van al daardie koninkryke. ¹¹ *Hy het elke lewende wese daarin met die skerpte van die swaard verslaan, hulle met die banvloek^o getref. Niks wat asemhaal, het oorgebly nie; en toe het hy Hasor afgebrand. ¹² Al hierdie koningstede,^p met al hulle konings, het Josua verower. Hy het hulle met die skerpte van die swaard verslaan en hulle met die banvloek getref soos Moses, die dienskneg van die HERE, beveel het. * ¹³ Net die

*11:11-12 Deut 20:16-17

^o11:11 **banvloek:** Die banvloek beteken dat iets volledig aan die HERE behoort. Dit word aan die daaglikse gebruik onttrek en word deel van die tempel of tempelpersoneel se besittings, of dit word, soos in hierdie geval, heeltemal vernietig; vgl Num 18:14; •Banvloek.

^p11:12 **koningstede:** Die setels van konings in die stadstate van Kanaän.

*11:12 **Hy ... beveel het:** Deut 20:16-17

stede wat op puinheuwels^q staan,^r is nie deur Israel afgebrand nie. Hasor was die enigste uitsondering — Josua het net dit afgebrand.¹⁴ Al die buit van hierdie stede en die vee het die Israeliete vir hulleself gevat. Net die mense het hulle met die skerpte van die swaard getref, totdat hulle uitgedelg was. Hulle het nie enigiets wat asemhaal, laat oorbly nie.¹⁵ *Soos die HERE Moses, sy dienskneg, beveel het,* so het Moses vir Josua opdrag gegee,* en presies so het Josua dit gedoen. Hy het niks agterweë gelaat van alles wat die HERE Moses beveel het nie.

Verowerde gebiede

¹⁶ Josua het hierdie hele landstreek verower: die bergland, die hele Negev,^s die hele Gosenstreek,^t die Sjefela^u en die Jordaanvallei, die berggebiede van Israel en sy laer liggende dele,¹⁷ van die berg Galak^v af wat oploop na Seir,* tot by Baäl-Gad in die Libanonvallei onderkant die berg Hermon. Al hulle konings het hy gevange geneem, hulle neergevel

^q**11:13 puinheuwels:** Die •Septuagint, •Vulgaat en die •Siriese vertaling word hier gevolg. Die bronteks lui “hulle heuwels”; vgl Jos 8:28.

^r**11:13 op ... staan:** 'n Heuwel wat ontstaan het as gevolg van die opeenhoping van die ruïnes en puin van verwoeste stede.

***11:15** Jos 1:7

***11:15 Soos ... dienskneg, beveel het:** Eks 34:11-12

***11:15 so het Moses ... opdrag gegee:** Deut 7:2

^s**11:16 Negev:** Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland. “Negev” word in Hebreeus ook gebruik as 'n rigtingaanduiding, naamlik “suide, suidwaarts”; vgl Jos 10:40; 12:8.

^t**11:16 Gosenstreek:** Dit verwys nie na die gebied in Egipte met dieselfde naam nie, maar na 'n streek in die suidelike sentrale bergland; vgl Jos 10:41; 15:51.

^u**11:16 Sjefela:** Vgl voetnoot in Jos 11:2.

^v**11:17 berg Galak:** Dit word ook soms vertaal “Kaalberg”. Dit lê ver suidoos van Berseba; vgl Jos 12:7.

***11:17 Seir:** Gen 32:3

en hulle doodgemaak. ¹⁸ Vir 'n geruime tyd het Josua teen al die konings oorlog gevoer. ¹⁹ Daar was nie 'n stad wat vrede gesluit het met die Israëliete nie, behalwe die Hewiete wat in Gibeon woon.* Al hierdie stede het die Israëliete in die oorlog verower. ²⁰ Dit was immers deur die HERE se toedoen dat hulle hulle harte verhard het om teen Israel oorlog te voer,* sodat Israel hulle met die banvloek^w kon tref en daar nie vir hulle genade sou wees nie — ja, sodat Israel hulle kon verdelg soos die HERE Moses beveel het.

²¹ Josua het in hierdie tyd die Enakiete* gaan uitroei — uit die bergland, uit Hebron,* Debir* en Anab, uit die hele bergland van Juda en uit die hele bergland van Israel. Josua het hulle saam met hulle stede met die banvloek getref. ²²* Daar het geen Enakiete in die land van die Israëliete oorgebly nie; net in Gasa, Gat en Asdod^x het daar van hulle oorgebly.

²³* Josua het die hele landstreek verower, in ooreenstemming met alles wat die HERE vir Moses gesê het. Josua het dit aan Israel as erfdeel gegee, ooreenkomstig die indeling van hulle stamme. Die land het toe gerus van oorlog.*

* **11:19 behalwe ... woon:** Jos 9:3-27

* **11:20 Dit was ... voer:** Vgl Deut 2:30

^w**11:20 banvloek:** Vgl voetnoot in Jos 11:11.

* **11:21 Enakiete:** Num 13:33; Jos 14:12,15; 15:13-14

* **11:21 Hebron:** Jos 10:3

* **11:21 Debir:** Jos 10:38

* **11:22** Vgl Ps 78:5

^x**11:22 Gasa ... Asdod:** Filistynse stede; vgl Jos 13:3; 15:47; 1 Sam 5:1; 17:4.

* **11:23 — 12:24** Num 34:2; vgl Ps 135:10-12

* **11:23 gerus van oorlog:** Jos 14:15; 21:44; 22:4; 23:1; Heb 4:8

12

Lys van verslane konings

¹ Die volgende konings van die land is deur die Israeliete verslaan, en hulle land is in besit geneem:

Oorkant die Jordaan, aan die oostekant, van die Arnondal* af tot by die berg Hermon,* die hele Jordaanvallei^y en ooswaarts was dit

² *Sihon, die koning van die Amoriëte,* wat in Gesbon gesetel was en regeer het van Aroër af, wat op die rand van die Arnondal lê,* vanaf die middel van die dal, oor die helfte van Gilead en tot aan die Jabbokdal,^z die grens van die Ammoniete,³ en wat ook regeer het oor die Jordaanvallei aan die oostekant vanaf die meer van Gennesaret tot by die see van die Araba,^a die Soutsee,^b aan sy oostekant in die rigting van Bet-Jesimot,* suid tot onder aan die hange van Pisga^c ⁴ en sy gebied;

*12:1 Arnondal: Num 21:13,24

*12:1 berg Hermon: Deut 3:8-9

^y12:1 Jordaanvallei: Dit verwys hier na die vallei oos van die rivier. Die •bronteks lui “die Araba”.

*12:2-4 Neh 9:22-25; Ps 135:11; 136:19-20

*12:2 Sihon ... Amoriëte: Num 21:21-30; Deut 1:4; 2:8-9

*12:2 Aroër ... lê: Deut 2:36

^z12:2 Jabbokdal: Dit verwys na een van die bolope van die Jabbokrivier; vgl Gen 32:22.

^a12:3 see ... Araba: Die Dooie See.

^b12:3 Soutsee: Die Hebreëuse naam vir die Dooie See; vgl Jos 3:16.

*12:3 Bet-Jesimot: Jos 13:20

^c12:3 Pisga: 'n Bergspits oos van die noordelike punt van die Dooie See.

en Og, die koning van Basan,^{*} een van die oorblywende Refaiete wat in Astarot en in Edrei^{*} gesetel was ⁵ en regeer het oor die berg Hermon, oor Salka en die hele Basan tot by die grens van die mense van Gesur en Maäka,^d die helfte van Gilead, en tot by die grens van Sihon, die koning van Gesbon.

⁶ Moses, die dienskneg van die HERE, en die Israelite het hulle verslaan, en Moses, die dienskneg van die HERE, het dit as eiendom aan die stamme van Ruben en Gad en die halwe stam van Manasse gegee.^{*}

⁷ Die volgende is die konings van die land wat Josua en die Israelite oorkant die Jordaan aan die westekant verslaan het, van Baäl-Gad in die Libanonvallei tot by die berg Galak^e wat oploop na Seir. Josua het dit alles aan die stamme van Israel as eiendom gegee ooreenkomstig hulle indeling.^{*} ⁸ In die bergland en die Sjefela,^f in die Jordaanvallei, teen die berghange, in die woestyn^g en in die Negev,^h die gebied van die Hetiete,

^{*}**12:4 Og ... Basan:** Num 21:33-35; Deut 3:4,10

^{*}**12:4 Refaiete ... Edrei:** Deut 1:4; 3:11; Jos 13:12

^d**12:5 Gesur en Maäka:** Klein Aramese state oos van die see van Galilea en die bloop van die Jordaan; vgl Deut 3:14.

^{*}**12:6 Moses, die dienskneg van die HERE, het ... gegee:** Num 32:29; Deut 3:12-13; Jos 13:8-12

^e**12:7 berg Galak:** Dit word ook soms vertaal “Kaalberg”. Dit lê ver suidoos van Berseba; vgl Jos 11:17.

^{*}**12:7 Josua het ... indeling:** Jos 11:23; 18:10

^f**12:8 Sjefela:** Die laer liggende heuwellandskap wes van die sentrale bergland in Palestina; vgl Jos 10:40; 11:16; 15:33.

^g**12:8 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

^h**12:8 Negev:** Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland. “Negev” word in Hebreeus ook gebruik as 'n rigtingaanduiding, naamlik “suide, suidwaarts”; vgl Jos 10:40; 11:16.

die Amoriëte, die Kanaäniete, die Feresiete, die Hewiete en die Jebusiete, was dit

- ⁹ die koning van Jerigo, * een;
die koning van Ai* wat langs Bet-El geleë is, een;
- ¹⁰ die koning van Jerusalem, een;
die koning van Hebron, een;
- ¹¹ die koning van Jarmut, een;
die koning van Lagis, een;
- ¹² die koning van Eglon, een;
die koning van Geser, een;
- ¹³ die koning van Debir, * een;
die koning van Geder, een;
- ¹⁴ die koning van Gorma, een;
die koning van Arad, * een;
- ¹⁵ die koning van Libna, * een;
die koning van Adullam, * een;
- ¹⁶ die koning van Makkeda, * een;
die koning van Bet-El, * een;
- ¹⁷ die koning van Tappuag, * een;
die koning van Gefer, een;

*12:9 koning van Jerigo: Jos 6:2,20-21

*12:9 koning van Ai: Jos 8:24-29

*12:10-13 koning van Jerusalem ... Debir: Jos 10:3,23

*12:14 koning van Arad: Num 21:1,3

*12:15 koning van Libna: Jos 10:29-30

*12:15 koning van Adullam: Jos 15:35

*12:16 koning van Makkeda: Jos 10:28

*12:16 koning van Bet-El: Jos 8:17; Rig 1:22-26

*12:17 koning van Tappuag: Jos 15:34; 17:8

¹⁸ die koning van Afek,^{*} een;
die koning van Saron,^{*} een;
¹⁹ ^{*}die koning van Madon, een;
die koning van Hasor, een;
²⁰ die koning van Simron-Meron, een;
die koning van Aksaf, een;
²¹ ^{*}die koning van Taänak, een;
die koning van Megiddo, een;
²² die koning van Kedes,^{*} een;
die koning van Jokneam by die Karmel,ⁱ een;
²³ die koning van Dor^{*} by die heuweland van Dor, een;
die koning van Gojim by Gilgal, een;
²⁴ koning van Tirsa,^{*} een.

Altesaam was dit een-en-dertig konings.

13

Verdeling van die land

¹ Toe Josua oud en gevorderd in jare was,^{*} het die HERE vir hom gesê:
“Jy is oud en gevorderd in jare en 'n baie groot deel van die land wat in

^{*}12:18 koning van Afek: Jos 19:30; 1 Sam 4:1

^{*}12:18 koning van Saron: Hoogl 2:1; Jes 33:9; 35:2

^{*}12:19-20 Jos 11:1

^{*}12:21 Jos 17:11; Rig 1:27; 1 Kron 7:29

^{*}12:22 koning van Kedes: Jos 19:37

ⁱ12:22 Jokneam ... Karmel: Daar is ook 'n dorp met die naam Jokneam in die gebied van Efraim; vgl Jos 21:34; 1 Kron 6:68.

^{*}12:23 koning van Dor: Jos 11:2

^{*}12:24 koning van Tirsa: 1 Kon 15:33; Hoogl 6:4

^{*}13:1 Josua ... was: Jos 14:10

besit geneem moet word, is nog oor. ²*Die volgende is die gebied wat nog oorbly: al die distrikte van die Filistyne en die hele gebied van die mense van Gesur;^j ³ van die Sigor^k af wat langs Egipte lê, noordwaarts tot by die gebied van Ekron. Dit word as Kanaänitiese gebied gereken, naamlik die gebied van die vyf Filistynse regeerders* van Gasa, Asdod, Askelon, Gat, en Ekron, en van die Awwiete.¹ ⁴ Vanaf die suide is dit die hele land van die Kanaäniete, en vanaf Ara, wat aan die Sidoniërs behoort,^m strek dit tot by Afek, by die grens van die Amoriëte. ⁵*Verder is daar die gebied van die mense van Gebal,ⁿ en die hele Libanon aan die oostekant, van Baäl-Gad af onder aan die voet van die berg Hermon tot by Lebo-Hamat. ⁶ Al die inwoners van die bergland, van die Libanon af tot by Misrefot-Majim, al die Sidoniërs — Ek self sal hulle voor die Israëliëte verdryf. Laat dit in elk geval as erfdeel aan Israel toeval, soos Ek jou beveel het. ⁷ Verdeel dan nou hierdie land as erfdeel vir die nege stamme en die halwe stam van Manasse.”

Verdeling van die land oos van die Jordaan

⁸*Saam met die ander halwe stam van Manasse^o het die stamme van

***13:2-6** Eks 23:27-33; Jos 13:2-6; Rig 3:1-4

^j**13:2 Gesur:** 'n Klein Aramese staat oos van die see van Galilea en die bloop van die Jordaan; vgl Deut 3:14; Jos 13:11.

^k**13:3 Sigor:** Die oostelike arm van die Nyldelta; vgl 1 Kron 13:5; Jes 23:3.

***13:3 5 ... regeerders:** Rig 3:3; 1 Sam 5:8; 6:4

^l**13:3 Awwiete:** 'n Volksgroep wat voor die Filistyne die kusgebiede van Palestina beset het, maar later verdryf is; vgl Deut 2:23.

^m**13:4 vanaf Ara ... behoort:** Hierdie lesing is verkry deur die wysiging van 'n vokaal. Die •bronteks lui “en 'n grot wat aan die Sidoniërs behoort”.

***13:5** Jos 12:7

ⁿ**13:5 Gebal:** Ook bekend as Biblos; vgl Ps 83:3.

***13:8** Num 32:33; Deut 3:12

^o**13:8 Saam ... Manasse:** Die bronteks lui “saam met hom” in aansluiting by Jos 13:7.

Ruben en Gad hulle erfdeel wat Moses aan hulle gegee het oorkant die Jordaan, aan die oostekant, ontvang, net soos Moses, die dienskneg van die HERE, dit aan hulle gegee het:

⁹ Van Aroër af, wat op die rand van die Arnondal lê, ja, vanaf die stad wat in die dal is, * dan die hele plato,^p van Medeba tot Dibon, ¹⁰ * en al die dorpe van Sihon, die koning van die Amoriëte wat in Gesbon regeer het, tot by die grens van die Ammoniete; ¹¹ * ook Gilead en die gebiede van die mense van Gesur en Maäka; die hele berg Hermon* en die hele Basan tot by Salka — ¹² die hele koninkryk van Og in Basan wat in Astarot en Edreï regeer het. Hy was die laaste wat oorgebly het van die Refaiëte.*

Moses het hulle verslaan en hulle uitgedryf. ¹³ Die Israeliete het egter nie die mense van Gesur en Maäka verdryf nie. Die mense van Gesur en Maäka woon onder die Israeliete tot vandag toe. ¹⁴ *Net aan die stam van Levi is geen erfdeel gegee nie. Die offergawes van die HERE, die God van Israel, dit is hulle erfdeel, soos die HERE vir hulle gesê het.

Stamgebied van Ruben

¹⁵ *Moses het aan die stam van die nageslag van Ruben, ooreenkomstig hulle familiegroepe, die volgende gegee, ¹⁶ en dit het aan hulle behoort: die gebied van Aroër af wat op die rand van die Arnondal lê; ja,

*13:9 Van Aroër ... is: Deut 2:36

^p13:9 plato: Dit verwys na die hoogliggende gebied oos van die Dooie See en die Jordaandal; vgl Deut 3:10.

*13:10 Num 21:23-26

*13:11 Jos 12:5

*13:11 berg Hermon: Deut 3:8-9

*13:12 koninkryk ... Refaiëte: Jos 12:4

*13:14 Num 18:21,23-24; Jos 18:7

*13:15-23 Num 32:37-38

vanaf die stad wat in die dal is, en die hele plato by Medeba;

¹⁷ Gesbon en al sy dorpe wat op die plato is; ook Dibon,

Bamot-Baäl, Bet-Baäl-Meon, ¹⁸ Jahas, Kedemot, Mefaät,

¹⁹ Kirjatajim, Sibma, Seret-Sagar op die heuwel in die vallei,

²⁰ Bet-Peor, Asdot-Pisga en Bet-Jesimot. ²¹ Dit was al die dorpe op die plato en die hele koninkryk van Sihon, die koning van die Amoriëte wat in Gesbon regeer het.

^qMoses het hom en die Midianitiese leiers^r Ewi, Rekem, Sur, Gur en Reba,^{*} gesaghebbers van Sihon wat in die land gewoon het, verslaan. ²² ^{*}Saam met hulle gesneuweldes was ook die waarsêer Bileam, seun van Beor, wat deur die Israeliete met die swaard om die lewe gebring is.

²³ Die grens van die nageslag van Ruben was die Jordaan en oewergebied.

Dit was die erfdeel van die nageslag van Ruben, ooreenkomstig hulle familie-groepe — die dorpe met hulle gehuggies.

Stamgebied van Gad

²⁴ ^{*}Moses het aan die stam van Gad, die nageslag van Gad, ooreenkomstig hulle familie-groepe, die volgende gegee, ²⁵ en dié gebied het aan hulle behoort:

Jaser,^{*} al die dorpe in Gilead en die helfte van die land van die Ammoniete tot by Aroër wat langs Rabba lê; ²⁶ van Gesbon tot by Ramat-Mispe en Betonim; van Maganajim tot by die gebied van

^q13:21-22 Hierdie verse is 'n verduidelikende nota by die vertelling.

^r13:21 leiers: In Hebreeus •*nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

^{*}13:21 Ewi ... Reba: Num 31:8

^{*}13:22 Num 31:8

^{*}13:24-28 Num 32:24-36

^{*}13:25 Jaser: Num 21:32

Debir;^{s 27} in die Jordaanvallei was dit Bet-Haram, Bet-Nimra, Sukkot en Safon; die res van die koninkryk van Sihon, die koning van Gesbon — die Jordaan en oewergebied tot by die punt van die See van Gennesaret oorkant die Jordaan aan die oostekant.

²⁸ Dit is die erfdeel van die nageslag van Gad, ooreenkomstig hulle familie-groepe — die dorpe met hulle gehuggies.

Stamgebied van die halwe stam van Manasse

²⁹ *Moses het aan die halwe stam van Manasse die volgende gegee; dit het behoort aan die halwe stam van die nageslag van Manasse, ooreenkomstig hulle familie-groepe:

³⁰ Hulle gebied was van Maganajim af, die hele Basan, die hele koninkryk van Og, die koning van Basan en die hele Gawwoot-Jair^t wat in Basan is — sestig dorpe altesaam. ³¹ Die helfte van Gilead, asook Astarot en Edrei, die dorpe van die koninkryk van Og in Basan, is aan die nageslag van Makir, seun van Manasse, gegee, aan die helfte van die nageslag van Makir, ooreenkomstig hulle familie-groepe.

³² Dit is die gebiede wat Moses nog in die vlaktes van Moab, oorkant die Jordaan, aan die oostekant, teenoor Jerigo, as erfdeel aan hulle toegewys het. ³³ *Maar aan die stam van Levi het Moses nie 'n erfdeel gegee nie. Die HERE, die God van Israel, Hy is hulle erfdeel, soos Hy vir hulle gesê het.

^s**13:26 Debir:** Die bronteks lui “Lidbir”. Sommige vertalings wysig die naam na “Lo-Dabar”.

^{*}**13:29-31** Deut 32:33

^t**13:30 Gawwoot-Jair:** Die naam beteken ‘tentdorpe van Jair’.

^{*}**13:33** Jos 13:14

14

Israelitiese gebiede wes van die Jordaan

¹ Die volgende is die gebiede wat die Israeliete in die land Kanaän as erfdeel ontvang het, wat Eleasar, die priester, en Josua, seun van Nun, asook die familiehoofde van die stamme van die Israeliete, as erfdeel aan hulle toegewys het* ²* deur loting oor hulle erfdeel, soos die HERE deur Moses opdrag gegee het oor die nege en 'n halwe stamme. ³* Moses het immers die erfdeel van die twee stamme en die halwe stam oorkant die Jordaan aan hulle gegee, maar vir die Leviëte het hy nie 'n erfdeel tussen hulle gegee nie. ⁴ Die nageslag van Josef was immers twee stamme, Manasse en Efraim.* Aan die Leviëte is nie 'n aandeel in die land gegee nie, behalwe dorpe om in te woon en meentgrond vir hulle vee en bates. ⁵ Presies soos die HERE Moses opdrag gegee het, het die Israeliete gemaak en die land verdeel.

Toekenning van Hebron aan Kaleb

⁶ Die nageslag van Juda het Josua in Gilgal genader, en Kaleb, seun van Jefunne, van die familie van Kenas,* het vir hom gesê: “Jy self is bewus van die woorde wat die HERE vir Moses, die man van God,* gesê het oor my en oor jou* in Kades-Barnea. ⁷* Ek was veertig jaar oud toe Moses, die dienskneg van die HERE, my uit Kades-Barnea gestuur het om die land te

*14:1 wat Eleasar ... het: Num 34:17-18

*14:2 Num 26:55; 33:54; 34:13

*14:3 Jos 13:7-8,14,32-33

*14:4 Die nageslag ... Efraim: Gen 48:4-5

*14:6 Kaleb ... Kenas: Num 32:12; Jos 14:13-14

*14:6 Moses ... God: Deut 33:1

*14:6 woorde ... jou: Num 14:30

*14:7 Num 13:1-33

verken, en ek het aan hom verslag gedoen volgens my oortuiging.⁸ My volksgenote wat saam met my opgetrek het, het egter die harte van die volk ineen laat krimp,^u maar ek het die HERE my God met volharding gevolg.*⁹ Moses het daardie dag 'n eed afgelê, ‘Die grond waarop jou voet getrap het, aan jou sal dit as erfenis behoort, en aan jou nageslag vir altyd, omdat jy die HERE my God met volharding gevolg het.’

¹⁰ “En nou, kyk, die HERE het my laat leef, soos Hy gesê het, nou reeds vyf-en-veertig jaar nadat die HERE hierdie woorde vir Moses gesê het toe Israel nog in die woestyn^v rondgetrek het. En nou, kyk, ek is vandag vyf-en-tagtig jaar oud.*¹¹ Ek is vandag nog so sterk soos op die dag toe Moses my uitgestuur het. Soos my krag toe was, so is my krag nou nog* om vir oorlog uit te trek en terug te keer.*¹² Gee dan nou hierdie berggebied vir my, soos die HERE daardie dag gesê het. Jy het immers self op daardie dag gehoor dat die Enakiete daar is met groot versterkte stede.* Miskien is die HERE met my, dan sal ek hulle verdryf, soos die HERE gesê het.”

¹³ Josua het hom geseën en Hebron aan Kaleb, seun van Jefunne, gegee as erfdeel.*¹⁴ Daarom het Hebron die erfdeel geword van Kaleb, seun van Jefunne, van die familie van Kenas, tot vandag toe, want hy het die HERE,

^u**14:8 harte ... krimp:** Die Hebreeuse idioom kan vertaal word “hart laat smelt”; vgl Jos 2:11; 5:1; 7:5; Jes 13:7.

***14:8 maar ... gevolg:** Num 14:24

***14:9** Deut 1:36

^v**14:10 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

***14:10 85 jaar oud:** Jos 5:6; 14:7

***14:11 Soos ... nog:** Vgl Deut 34:7; Sir 46:9

***14:11 om ... keer:** Vgl Deut 31:2

***14:12 Enakiete ... stede:** Num 13:28,33

***14:13 Hebron ... erfdeel:** Jos 15:13-14; Rig 1:10,20

die God van Israel, met volharding gevolg. ¹⁵ Die naam van Hebron was voorheen Kirjat-Arba.^w Arba was die grootste onder die Enakiete.

Die land het toe gerus van oorlog.*

15

Stamgebied van Juda

¹ Dit is die gebied wat deur loting toegewys is aan die stam van Juda se nageslag, vir hulle familie-groepe: langs die grens met Edom, en suidwaarts met die Sinwoestyn^x as die suidelikste punt.

² Hulle suidelike grens begin by die punt van die Soutsee,^y vanaf die tong^z wat na die suide uitsteek; ³ dan strek dit verder na die suide van die Akrabbimhoogte,^a gaan verby Sin en loop suid van Kades-Barnea op. Daarna gaan dit verby Gesron en loop op na Addar, draai dan weg na Karka, ⁴ gaan verby Asmon en strek verder na Spruit van Egipte.^b Die verste punt van die grens is die see.^c Dit is hulle^d suidelike grens.

⁵ Die grens in die ooste is die Soutsee tot by die monding van die Jordaan.

^w**14:15 Kirjat-Arba:** Dit beteken ‘dorp van Arba’.

^{*}**14:15 gerus van oorlog:** Jos 11:23; 21:44; 22:4; 23:1; Heb 4:8

^x**15:1 Sinwoestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

^y**15:2 Soutsee:** Die Hebreuse naam vir die Dooie See; vgl Jos 3:16.

^z**15:2 tong:** Die deel van die Dooie See by die skiereiland in die suide, teenoor Masada.

^a**15:3 Akrabbimhoogte:** Die woord *Akrabbim* beteken ‘skerpioene’.

^b**15:4 Spruit van Egipte:** 'n Diep seisoenale spruit wat 'n natuurlike grens vorm tussen die •Negev en die Sinai-skiereiland; Num 34:5.

^c**15:4 die see:** Dit verwys na die Middellandse See.

^d**15:4 hulle:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “julle”.

Die grens aan die noordekant begin by die tong van die see,^e vanaf die monding van die Jordaan. ⁶ Die grens loop op na Bet-Gogla en gaan noord van Bet-Araba verby; daarna gaan die grens op na die klip van Bohan, seun van Ruben. ⁷ Die grens loop uit die vallei van Akor* op na Debir,^f en draai noord na Gilgal,^g wat teenoor Adummimhoogte^h en aan die suidekant van die dal lê. Die grens loop verby die waters van Semesfontein; sy verste punt lê by Rogelfontein.* ⁸ Die grens loop daarna op met die vallei van Ben-Hinnom na die heuwelrug van die Jebusiete,* dit is Jerusalem, in die suide. Die grens loop verder op na die top van die berg, wat langs die Hinnomdal aan die westekant en aan die einde van die vallei van Refaïm in die noorde lê. ⁹ Dan swaai die grens weg van die top van die berg na die fontein van die Water van Neftoag, en strek verder na die dorpe van die berg Efron. Die grens swaai daarna weg na Baäla, dit is Kirjat-Jearim. ¹⁰ Vanaf Baäla draai die grens weswaarts na die berg Seïr,ⁱ gaan verby die noordelike heuwelrug van die berg Jearim, dit is Kesalon, daal af na Bet-Semes en gaan verby Timna.* ¹¹ Die grens strek verder na die noordelike heuwelrug van Ekron, swaai dan weg na Sikaron, gaan

^e**15:5 tong ... see:** Hier verwys dit na die noordelike baai van die Dooie See. Die Septuagint lui “die rif van die see”.

***15:7 vallei van Akor:** Jos 7:26

^f**15:7 Debir:** Nie dieselfde as die plek in Jos 10:38-39 nie.

^g**15:7 Gilgal:** Hierdie plek lê tussen Jerusalem en Jerigo en is nie dieselfde as die plek tussen Jerigo en die Jordaan met dieselfde naam nie; vgl Jos 4:19.

^h**15:7 Adummimhoogte:** Die Hebreeuse woord *Adummim* beteken ‘rooi’.

***15:7 Rogelfontein:** Jos 18:16; 2 Sam 17:17; 1 Kon 1:9

***15:8 Jebusiete:** Jos 15:63

ⁱ**15:10 berg Seïr:** Nie dieselfde berg as dié in die gebied van Edom nie.

***15:10 Timna:** Rig 14:1-8

verby die berg Baäla en strek verder na Jabneël. Die verste punt van die grens is by die see.

¹²Die wesgrens is die Groot See^j en sy gebied.

Dit is, aan alle kante, die grens vir die nageslag van Juda, vir hulle familie-groepe.

Verowering van Hebron en Debir

¹³Aan Kaleb, seun van Jefunne, is 'n deel gegee tussen die nageslag van Juda, ooreenkomstig die bevel van die HERE aan Josua: Kirjat-Arba,^k dit is Hebron;* Arba was die voorvader van Enak. ¹⁴Kaleb het die drie Enakiete, Sesai, Agiman en Talmai, die kinders van Enak, daar uitgedryf.

¹⁵Daarvandaan het hy opgetrek na die inwoners van Debir. Debir se naam was vroeër Kirjat-Sefer. ¹⁶*Kaleb het gesê: “Die een wat Kirjat-Sefer verslaan en inneem — vir hom sal ek my dogter Aksa as vrou gee.” ¹⁷Otniël, die seun van Kenas, Kaleb se broer, het die dorp toe ingeneem, en hy het sy dogter Aksa vir hom as vrou gegee. ¹⁸Met haar aankoms het sy hom aangespoor om by haar pa 'n stuk land te vra. Toe sy van die donkie afklim, vra Kaleb vir haar: “Wat wil jy hê?” ¹⁹Sy sê toe: “Gee vir my 'n buitengewone geskenk. Omdat u vir my grond in die Negev^l gegee het, moet u vir my waterbronne gee.” Hy het toe vir haar die boonste en die onderste bronne gegee.

^{20 m}Dit is die erfdeel van die stam van Juda se nageslag, vir hulle

^j**15:12 Groot See:** Die Middellandse See.

^k**15:13 Kirjat-Arba:** Die naam beteken ‘dorp van Arba’.

* **15:13 Aan Kaleb ... Hebron:** Jos 14:13,15; 21:11-12

* **15:16-19** Rig 1:12-15

^l**15:19 Negev:** Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland. “Negev” word in Hebreeus ook gebruik as 'n rigtingaanduiding, naamlik “suide, suidwaarts”.

^m**15:20** Dit is administratiewe distrikte waarin Juda verdeel is. Die Septuagint het twaalf groepe; vgl voetnoot by Jos 15:59.

familiëgroepe:

²¹ Die dorpe aan die verste punt van die stam van Juda se nageslag, by die grens van Edom in die suide, was Kabseël, Eder, Jagur, ²² Kina, Dimona, Adada, ²³ Kedes, Hasor, Jitnan, ²⁴ Sif, Telem, Bealot, ²⁵ Hasor-Gadatta, Kerijot-Gesron, dit is Hasor, ²⁶ Amam, Sema, Molada, ²⁷ Gasar-Gadda, Gesmon, Bet-Pelet, ²⁸ Gasar-Sual, Berseba, * Bisjoteja, ²⁹ Baäla, Ijjim, Esem, ³⁰ Eltolad, Kesil, Gorma, ³¹ Siklag, Madmanna, Sansanna, ³² Lebaot, Silgim, Ajin en Rimmon — die dorpe met hulle gehuggies was altesaam nege-en-twintig.

³³ In die Sjefelaⁿ was dit Estaol, Sora, Asna, ³⁴ Sanoag, En-Gannim, Tappuag, Enajim, ³⁵ Jarmut, Adullam, Soko, Aseka, ³⁶ Saärajim, Aditajim, Gedera en Gederotajim — veertien dorpe met hulle gehuggies.

³⁷ Senan, Gadasa, Migdol-Gad, ³⁸ Dilan, Misper, Jokteël, ³⁹ Lagis, Boskat, Eglon, ⁴⁰ Kabbon, Lagmas, Kitlis, ⁴¹ Gederot, Bet-Dagon, Naäma en Makkeda — sestien dorpe met hulle gehuggies.

⁴² Libna, Eter, Asan, ⁴³ Jiftag, Asna, Nesib, ⁴⁴ Keïla, Aksib en Maresa — nege dorpe met hulle gehuggies.

⁴⁵ Ekron met sy omliggende dorpies en gehuggies; ⁴⁶ vanaf Ekron weswaarts, al die dorpe duskant Asdod* met hulle gehuggies;

⁴⁷ Asdod met sy omliggende dorpies en gehuggies; Gasa* met sy omliggende dorpies en gehuggies tot by Spruit van Egipte^o en die

* **15:28 Berseba:** Gen 21:31

ⁿ**15:33 Sjefela:** Die laer liggende heuwellandskap wes van die sentrale bergland in Palestina; vgl Jos 10:40; 11:16; 12:8.

* **15:46 Asdod:** 1 Sam 5:1

* **15:47 Gasa:** Jos 10:41; 11:22; 13:3

^o**15:47 Spruit van Egipte:** Vgl voetnoot in Jos 15:4.

Groot See^p met die kusgebied.

⁴⁸ In die bergland was dit Samir, Jattir, Soko, ⁴⁹ Danna, Kirjat-Sanna, dit is Debir, ⁵⁰ Anab, Estemoa, Anim, ⁵¹ Gosen, * Golon en Gilo — elf dorpe met hulle gehuggies.

⁵² Arab, Duma, Esan, ⁵³ Janum, Bet-Tappuag, Afeka, ⁵⁴ Gumta, Kirjat-Arba, dit is Hebron, en Sior — nege dorpe met hulle gehuggies.

⁵⁵ Maon, Karmel,^q Sif, Jutta, ⁵⁶ Jisreël, Jokdeam, Sanoag, ⁵⁷ Kajin, Giba en Timna — tien dorpe met hulle gehuggies.

⁵⁸ Galgul, Bet-Sur, Gedor, ⁵⁹ Maärat, Bet-Anot en Eltekon — ses dorpe met hulle gehuggies.^r

⁶⁰ Kirjat-Baäl, dit is Kirjat-Jearim, en Rabba — twee dorpe met hulle gehuggies.

⁶¹ In die woestyn:^s Bet-Araba, Middin, Sekaka, ⁶² Nibsan, Ir-Melag en En-Gedi^t — ses dorpe met hulle gehuggies.

⁶³ *Die nageslag van Juda was egter nie in staat om die Jebusiete, die inwoners van Jerusalem, te verdryf nie. Die Jebusiete het toe saam met

^p15:47 Groot See: Vgl voetnoot in Jos 15:12.

*15:51 Gosen: Vgl Jos 10:41; 11:16

^q15:55 Karmel: Nie die berg Karmel nie, maar 'n plek in die suide van Juda; vgl 1 Sam 25:2.

^r15:59 ses ... gehuggies: Die Septuagint het hier 'n groep dorpe wat waarskynlik uitgeval het in die bronteks. Dit kan vertaal word “Tekoa, Efrata (dit is Betlehem), Peor, Etam, Kulon, Tatam, Sores, Karim, Gallim, Beter en Managat — elf dorpe en hulle gehuggies.”

^s15:61 woestyn: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei

^t15:62 En-Gedi: 'n Oase in die woestyn op die suidwestelike oewer van die Dooie See, 45 km suid van Jerigo. Die naam beteken ‘Bokfontein’.

*15:63 Rig 1:21; 19:10-12; 2 Sam 5:6; 1 Kron 11:4

die nageslag van Juda in Jerusalem bly woon tot vandag toe.

16

Stamgebied van die Josefgroep

¹ Die uitkoms van die lot vir die nageslag van Josef* was soos volg: Die grens begin by die Jordaan teenoor Jerigo, aan die oostekant van die Jerigo-fonteine. Deur die droë deel loop die grens vanaf Jerigo op in die berggebied van Bet-El. ² Vanaf Bet-El strek dit verder na Lus en gaan dan verby die gebied van die mense van Erek na Atarot. ³ Dan daal dit wes, af na die gebied van die mense van Jaflet, tot by die grens van Bet-Goron-Onder,* tot by Geser, met sy verste punt by die see. ⁴ Die nageslag van Josef, Manasse en Efraim, het dit alles as erfdeel ontvang.

Stamgebied van Efraim

⁵ Dit was die grens van die nageslag van Efraim, vir hulle familie-groepe: Die grens van hulle erfdeel was van Atrot-Addar aan die oostekant tot by Bet-Goron-Bo.* ⁶ Die grens strek verder tot by die see, met Mikmetat aan die noordekant. Die grens draai oos na Taänat-Silo, en gaan aan die oostekant daarvan verby na Janoag. ⁷ Van Janoag af loop dit af na Atarot en Naära, dit grens aan Jerigo en strek verder na die Jordaan. ⁸ Van Tappuag af loop die grens wes langs die spruit by Kana, met sy verste punt by die see. Dit is die erfdeel van die stam van Efraim se nageslag, vir hulle familie-groepe.

⁹* Daar was dorpe wat uitgehou is vir die nageslag van Efraim binne die erfdeel van die nageslag van Manasse — al die dorpe saam met hulle

* **16:1 uitkoms ... Josef:** Jos 16:4; 17:14

* **16:3 Bet-Goron-Onder:** Jos 10:10; 18:13

* **16:5 Bet-Goron-Bo:** Jos 10:10

* **16:9** Jos 17:9-10

gehuggies.

¹⁰ *Hulle het egter nie die Kanaäniete verdryf wat in Geser gewoon het nie. Die Kanaäniete het in Efraim bly woon tot vandag toe, maar moes dwangarbeid verrig.

17

Stamgebied van Manasse

¹ Dit is die gebied wat deur loting aan die stam van Manasse toegewys is; hy was immers die eersgeborene van Josef.* Aan Makir, eersgeborene van Manasse en pa van Gilead, is Gilead en Basan* toegewys, omdat hy 'n krygsman was. ² Aan die ander nakomelinge van Manasse* is daar toe vir hulle familie-groepe grond toegewys: aan die nageslag van Abiëser, die nageslag van Gelek, die nageslag van Asriël, die nageslag van Sekem, die nageslag van Gefer en aan die nageslag van Semida. Dit was bedoel vir hulle familie-groepe, die manlike nakomelinge van Manasse, die seun van Josef. ³ Selofgad, seun van Gefer, seun van Gilead, seun van Makir, seun van Manasse, het nie seuns gehad nie, slegs dogters. Dit was die name van sy dogters: Magla, Noa, Gogla, Milka en Tirsa. ⁴ *Hulle het Eleasar, die priester, Josua, seun van Nun, en die leiers^u genader en gesê: “Die HERE het self vir Moses opdrag gegee om aan ons 'n erfdeel te gee tussen ons broers.^v” Josua het toe, volgens die bevel van die HERE, 'n

*16:10 Rig 1:28-29; vgl Jos 17:13

*17:1 Manasse ... Josef: Gen 41:51; 48:13-19

*17:1 Makir ... Basan: Deut 3:13

*17:2 ander nakomelinge van Manasse: Num 26:29-32

*17:4 Jos 14:1

^u17:4 leiers: In Hebreeus •nasi. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

^v17:4 ons broers: Hier verwys die woorde na alle manlike familieledede.

erfdeel aan hulle gegee tussen die broers van hulle pa. ⁵ *So het tien dele Manasse toegeval, behalwe nog die landstreke van Gilead en Basan, wat oorkant die Jordaan was. ⁶ Want die dogters van die stam van Manasse het tussen sy seuns 'n erfenis ontvang, maar die landstreek Gilead was vir die ander nakomelinge van Manasse.

⁷ Die grens van Manasse was van Aser tot Mikmetat, wat teenoor Sigem* lê. Dan loop die grens na regs,^w na die inwoners van En-Tappuag.^x ⁸ Die landstreek van Tappuag het aan Manasse behoort, maar Tappuag self, op die grens van Manasse, het aan die nageslag van Efraim behoort. ⁹ Die grens loop dan af met die spruit by Kana, suidwaarts met die spruit. Daar is dorpe wat aan Efraim behoort tussen die dorpe van Manasse,* maar die gebied van Manasse lê noord van die spruit, en die verste punt daarvan is by die see. ¹⁰ Die gebied aan die suidekant behoort aan Efraim, en aan die noordekant aan Manasse, met die see as sy grens. Dit grens aan Aser in die noorde en aan Issaskar in die ooste.

¹¹ *In die gebied van Issaskar en Aser het Bet-San met sy omliggende dorpies, Jibleam met sy omliggende dorpies, die inwoners van Dor en die omliggende dorpies, die inwoners van En-Dor en die omliggende dorpies, die inwoners van Taänak en die omliggende dorpies, en die inwoners van Megiddo en die omliggende dorpies op drie van die heuwels^y aan Manasse behoort.

*17:5 Jos 13:29-32

*17:7 Sigem: Gen 12:6-7; 33:18; 37:12-14

^w17:7 na regs: Dit beteken 'suid' omdat die skrywer hom na die ooste oriënteer.

^x17:7 En-Tappuag: Die naam beteken 'Appelfontein'.

*17:9 dorpe wat ... van Manasse: Jos 16:9

*17:11-13 Rig 1:27-28

^y17:11 op ... heuwels: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Die •Septuagint en die •Vulgaat lui "en die derde is Nafet".

¹² Die nageslag van Manasse was nie in staat om hierdie stede te onderwerp nie, en die Kanaäniete was vasberade om in hierdie landstreek te bly woon. ¹³ *Toe die Israëliete sterker geword het, het hulle die Kanaäniete dwangarbeid laat doen, maar hulle het hulle nie heeltemal verdryf nie.

Versoek van Efraim en Manasse

¹⁴ Die nakomelinge van Josef* het met Josua gepraat en gesê: “Waarom gee u vir ons met een keer se loting net een deel as erfdeel,* terwyl ons 'n groot volk is* en die HERE ons tot nou toe geseën het?” ¹⁵ Josua het vir hulle gesê: “As julle dan so 'n groot volk is, gaan self op na die beboste gebied* en maak self vir julle daar in die land van die Feresiete en die Refaïete 'n gebied skoon, as die heuweland van Efraim dan vir julle te nou is.” ¹⁶ Die nakomelinge van Josef sê toe: “Die bergland is nie vir ons voldoende nie, en al die Kanaäniete wat in die valleigebiede woon, het ysterstrydwaens — dié in Bet-San en sy omliggende dorpies, en dié in die Jisreëlvallei.” ¹⁷ Daarop het Josua vir die huis van Josef, vir Efraim en Manasse, gesê: “Julle is 'n groot volk met groot krag. Julle kry nie net een loting nie, ¹⁸ maar die bergland sal aan julle behoort, al is dit bebos. Maak dit skoon en dan sal die voetheuwels ook aan julle behoort; want julle sal die Kanaäniete verdryf, al het hulle ysterstrydwaens, al is hulle sterk.”

*17:13 Rig 1:28-29; vgl Jos 16:10

*17:14 nakomelinge van Josef: Jos 16:1,4

*17:14 net een ... erfdeel: Gen 48:22

*17:14 ons ... volk is: Gen 48:19

*17:15 beboste gebied: 2 Sam 18:6

18

Voorbereidings vir die verdeling van die land

¹ *Die hele volksvergadering^z van die Israëliete het in Silo byeengekom en die Tent van Ontmoeting^a daar opgeslaan. Die land is deur hulle onderwerp, ² maar daar het sewe stamme onder die Israëliete oorgebly wie se erfenis hulle nog nie verdeel het nie. ³ Josua sê toe vir die Israëliete: “Hoe lank nog gaan julle sloer om die land wat die HERE, die God van julle voorvaders, vir julle gegee het, in besit te neem? ⁴ Bring vir julle drie manne uit elke stam, sodat ek hulle kan uitstuur. Hulle moet dan gereedmaak, in die land rondbeweeg en daarvan 'n beskrywing gee met die oog op hulle erfdeel. Wanneer hulle by my terug is, ⁵ moet hulle die gebied in sewe dele onder mekaar verdeel. Juda moet sy gebied in die suide behou, * en die huis van Josef moet sy gebied in die noorde behou, * ⁶ * maar julle moet die gebied in sewe dele afbaken in julle beskrywing en dit hier na my toe bring. Ek sal vir julle die lot werp hier voor die HERE ons God. ⁷ Daar is immers geen deel vir die Leviete onder julle nie, want die priesterskap van die HERE is hulle erfenis.* Gad, Ruben en die halwe stam van Manasse het hulle erfdeel wat Moses, die dienskneg van die HERE, vir hulle gegee het, oorkant die Jordaan, aan die oostekant, ontvang.*”

*18:1 Jos 18:8-10; 19:51; 21:2

^z18:1 **volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

^a18:1 **Tent van Ontmoeting:** Dit verwys na die •tabernakel en nie na die tent wat Moses opgeslaan het nie; vgl Eks 33:7-11.

*18:5 **Juda ... suide behou:** Jos 15:1

*18:5 **Josef ... noorde behou:** Jos 16:1,4

*18:6 Jos 14:2

*18:7 **Daar ... erfenis:** Num 18:21,23-24; Jos 13:14

*18:7 **Gad ... ontvang:** Jos 13:8

⁸ Die manne het toe gereedgemaak en vertrek. Josua het dié wat op pad was, opdrag gegee om die land te beskryf: “Gaan, beweeg rond deur die land, beskryf dit en kom terug na my. Dan sal ek hier in Silo vir julle die lot werp voor die HERE.”

⁹ Die manne het gegaan en die land deurkruis. Hulle het dit dorp vir dorp, volgens die sewe dele, in 'n boekrol beskryf, en teruggekeer na Josua, na die kamp in Silo. ¹⁰ Josua het vir hulle in Silo voor die HERE die lot gewerp. Daar het Josua die land vir die Israeliete verdeel ooreenkomstig hulle indeling in stamme.

Stamgebied van Benjamin

¹¹ Die lot is getrek^b vir die stam van Benjamin* se nageslag ooreenkomstig hulle familiegroepe.

Die gebied wat deur loting vir hulle aangewys is, was tussen dié van die nageslag van Juda en dié van die nageslag van Josef.

¹² Hulle grens aan die noordekant begin by die Jordaan. Die grens loop op na die heuwelrug noord van Jerigo, en dan loop dit weswaarts op in die bergland, met sy verste punt in die woestyn^c by Bet-Awen.* ¹³ Van daar gaan die grens verby Lus, dit is Bet-El, na die heuwelrug van Lus aan die suidekant. Die grens loop dan af na Atrot-Addar langs die berg wat suid van Bet-Goron-Onder* lê.

¹⁴ Dan swaai die grens weg en draai aan die westekant suid, weg van die berg wat suid van Bet-Goron lê. Die grens se verste punt is

^b**18:11 lot is getrek:** Die •bronteks lui “Die lot het opgekom”. Dit dui waarskynlik daarop dat die name van die sewe stamme in 'n sak gegooi en toe getrek is.

***18:11 stam van Benjamin:** Num 26:38-41; 1 Kron 7:6-12; 8:1-40

^c**18:12 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

***18:12 Bet-Awen:** Jos 7:2; 1 Sam 13:5; 14:23

***18:13 Bet-Goron-Onder:** Jos 10:10; 16:3

by Kirjat-Baäl, dit is Kirjat-Jearim,* 'n dorp van Juda se nageslag. Dit is die grens aan die westekant.¹⁵ Aan die suidekant strek die grens vanaf die buitewyke van Kirjat-Jearim. Dit strek weswaarts en gaan na die fontein van die Water van Neftoag.¹⁶ Daarna gaan die grens af na die voet van die berg langs die vallei van Ben-Hinnom, aan die noordekant van die vallei van Refaïm, verder af met die Hinnomdal na die heuwelrug van die Jebusiete in die suide, en dan af na Rogelfontein.*¹⁷ Dit swaai noord weg en strek verder na Semesfontein. Dit gaan nog verder na Gelilot, wat teenoor die Adummimhoogte^d lê. Daarna gaan dit af na die klip van Bohan, seun van Ruben.¹⁸ Die grens gaan na die heuwelrug teenoor die Jordaanvallei^e in die noorde, loop af na die Jordaanvallei¹⁹ en gaan dan na die heuwelrug by Bet-Gogla aan die noordekant. Die verste punt van die grens is by die noordelike tong van die Soutsee,^f by die monding van die Jordaan in die suide. Dit is die suidelike grens.²⁰ Die Jordaan vorm die grens aan die oostekant.

Dit dan is die erfdeel van die nageslag van Benjamin vir hulle familie-groepe, met sy grense aan alle kante.

²¹ Die dorpe van die stam van Benjamin se nageslag, vir hulle familie-groepe, was Jerigo,* Bet-Gogla en Kesisvallei;²² Bet-Araba, Semarajim, Bet-El,²³ Awwim, Para, Ofra,²⁴ Kefar-Ammoni, Ofni en Geba — twaalf dorpe met hulle gehuggies;²⁵ verder nog Gibeon,

***18:14 Kirjat-Jearim:** Jos 9:17; 15:60

***18:16 Rogelfontein:** Jos 15:7; 2 Sam 17:17; 1 Kon 1:9

^d**18:17 Adummimhoogte:** Die woord *Adummim* beteken ‘rooi’.

^e**18:18 die Jordaanvallei:** Die bronteks lui “die Araba”.

^f**18:19 tong ... Soutsee:** Dit verwys na die noordelike baai van die Dooie See.

***18:21 Jerigo:** Jos 2:1

Rama, Beërot, ²⁶ Mispa, Kefira, Mosa, ²⁷ Rekem, Jirpeël, Tarala, ²⁸ Sela, Elef, Jebus, dit is Jerusalem, Gibea en Kirjat — veertien dorpe met hulle gehuggies.

Dit dan is die erfdeel van die nageslag van Benjamin, vir hulle familie-groepe.

19

Stamgebied van Simeon

¹ Die uitkoms van die tweede loting was vir Simeon, vir die stam van Simeon* se nageslag, vir hulle familie-groepe. Hulle erfdeel was binne die erfdeel van die nageslag van Juda.

² In hulle erfdeel was daar vir hulle Berseba, Seba, Molada,

³ Gasar-Sual, Baäla, Esem, ⁴ Eltolad, Betul, Gorma, ⁵ Siklag, Bet-Markabot, Gasar-Susa, ⁶ Bet-Lebaot en Sarugen — dertien dorpe⁸ met hulle gehuggies; ⁷ dan nog Ajin, Rimmon, Eter en Asan — vier dorpe met hulle gehuggies; ⁸ ja, al die gehuggies wat om hierdie dorpe lê tot by Baälat-Beër en Ramat-Negev.

Dit was die erfdeel van die stam van Simeon se nageslag, vir hulle familie-groepe. ⁹ Die erfenis van die nageslag van Simeon is geneem uit die deel van die nageslag van Juda. Omdat die deel van die nageslag van Juda te groot vir hulle was, het die nageslag van Simeon 'n erfdeel ontvang binne hulle erfdeel.

***19:1 stam van Simeon:** Num 26:12-14; 1 Kron 4:24-43

⁸**19:6 13 dorpe:** Die •Septuagint laat Sarugen uit. Dit is ook moontlik dat Bet-Markabot en Gasar-Susa waar opslagplekke vir strydwaens was, as een dorp getel is.

Stamgebied van Sebulon

¹⁰ Die derde lot is getrek^h vir die nageslag van Sebulon,* vir hulle familie-groepe.

Die grens van hulle erfdeel begin by Sarid. ¹¹ Hulle grens loop na die weste en na Marala; dit grens aan Dabbeset en die spruit wat langs Jokneam is. ¹² Van Sarid af draai dit ook na die ooste,ⁱ langs die grens van Kislot-Tabor. Dit strek verder na Daberat en gaan dan op na Jafia; ¹³ *vandaar gaan dit na die ooste verby Gat-Gefer na Et-Kasin. Dit strek verder na Rimmon, swaai weg na Nea ¹⁴ en draai dan na Gannaton. Dit is die grens aan die noordekant. Die verste punt daarvan is in die dal van Jiftag-El. ¹⁵ Daarby kom Kattat, Nahalal, Simron, Jidala en Betlehem^j — twaalf dorpe^k met hulle gehuggies.

¹⁶ Dit was die erfdeel van die nageslag van Sebulon vir hulle familie-groepe, hierdie dorpe met hulle gehuggies.

Stamgebied van Issaskar

¹⁷ Wat Issaskar betref, die uitkoms van die vierde loting was vir die nageslag van Issaskar,* vir hulle familie-groepe.

¹⁸ In hulle gebied was Jisreël, Kesulot, Sunem, ¹⁹ Gafarajim, Sioon, Anagarat, ²⁰ Rabbit, Kisjon, Ebes, ²¹ Remet, En-Gannim, En-Gadda

^h**19:10 lot is getrek:** Die •bronteks lui “Die lot het opgekom”. Dit dui waarskynlik daarop dat die name van die sewe stamme in 'n sak gegooi en toe getrek is.

***19:10 nageslag van Sebulon:** Gen 46:14; Num 26:26-27

ⁱ**19:12 na die ooste:** Die bronteks lui “ooswaarts, opkoms van die son”.

***19:13-14** Gen 49:13

^j**19:15 Betlehem:** 'n Dorp in die noorde van die land, nie Betlehem in Juda nie.

^k**19:15 twaalf dorpe:** Die dorpe in die grensbeskrywing is nie almal binne die gebied van Sebulon nie.

***19:17 nageslag van Issaskar:** Num 26:23-25; 1 Kron 7:1-5

en Bet-Passes. ²² Die gebied grens aan Tabor, Sagasajim en Bet-Semes, met die verste punt van hulle grens by die Jordaan — sestien stede met hulle gehuggies.

²³ Dit dan is die erfdeel van die stam van Issaskar se nageslag vir hulle familie-groepe, die dorpe met hulle gehuggies.

Stamgebied van Aser

²⁴ Die uitkoms van die vyfde loting was vir die stam van Aser se nageslag, * ooreenkomstig hulle familie-groepe.

²⁵ In hulle gebied was Gelkat, Gali, Beten, Aksaf, ²⁶ Alammelek, Amad en Misal. In die weste grens hulle gebied aan Karmel en Sigor-Libnat. ²⁷ Die grens draai dan na die ooste, na Bet-Dagon, en grens aan Sebulon en die dal van Jiftag-El in die noorde, asook aan Bet-Emek en Neiel. Dit strek verder na Kabul in die noorde,¹ ²⁸ na Ebron,^m Regob, Gammon en Kana, tot by Groot-Sidon. ²⁹ Die grens draai dan na Rama en loop tot by die vestingstad Tirus. Daarna draai die grens na Gosa, met sy verste punt by die see, in die omgewing van Aksib, ³⁰ Uma, Afek en Regob — twee-en-twintig dorpe met hulle gehuggies.

³¹ Dit dan is die erfdeel van die stam van Aser se nageslag vir hulle familie-groepe, hierdie dorpe met hulle gehuggies.

Stamgebied van Naftali

³² Wat die nageslag van Naftali* betref, die uitkoms van die sesde loting was vir die nageslag van Naftali, vir hulle familie-groepe.

***19:24 Aser se nageslag:** Num 26:44-47; 1 Kron 7:30-40

¹**19:27 in die noorde:** Die bronteks lui “aan die linkerkant”. Die skrywer oriënteer hom na die ooste; die linkerkant is dus die noordekant.

^m**19:28 Ebron:** Sommige Hebreeuse mss lui “Abdon”.

***19:32 nageslag van Naftali:** Num 26:48-50; 1 Kron 7:13

³³ Hulle grens was van Gelef af, van die akkerboom in Saänanim, oor Adami-Nekeb en Jabneël tot by Lakkum, met sy verste punt by die Jordaan. ³⁴ Die grens draai dan weswaarts na Asnot-Tabor, en vandaar strek dit verder na Gukok, en grens dan aan Sebulon in die suide en aan Aser in die weste, met die Jordaan aan die oostekant.ⁿ

³⁵ Die vestingstede was Siddim, Ser, Gammat, Rakkat, Gennesaret,

³⁶ Adama, Rama, Hasor, ³⁷ Kedes, Edreï, En-Hasor, ³⁸ Jiron, Migdal-El, Gorem, Bet-Anat en Bet-Semes — negentien dorpe met hulle gehuggies.

³⁹ Dit dan is die erfdeel van die stam van Naftali se nageslag, vir hulle familiegroepe, die dorpe met hulle gehuggies.

Stamgebied van Dan

⁴⁰ Wat betref die stam van Dan se nageslag,^{*} vir hulle familiegroepe was die uitkoms van die sewende loting soos volg:

⁴¹ Die gebied van hulle erfdeel was Sora, Estaol, Ir-Semes,

⁴² Saälbin, Ajalon, Jitla, ⁴³ Elon, Timna, Ekron, ⁴⁴ Elteke, Gibbeton, Baälat, ⁴⁵ Jehud, Bene-Berak, Gat-Rimmon, ⁴⁶ Me-Jarkon en Rakkon, saam met die gebied teenoor Jafo.^o

⁴⁷ ^{p*} Die gebied van die nageslag van Dan het vir hulle verlore gegaan. Die nageslag van Dan het toe opgetrek en teen Lesem oorlog gevoer. Hulle het dit ingeneem, dit verslaan met die skerpte

ⁿ**19:34 Aser ... oostekant:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Dit lui “Aser en aan Juda, die Jordaan aan die oostekant”. Die naam “Juda” ontbreek in die Septuagint.

^{*}**19:40 Dan se nageslag:** Gen 46:23

^o**19:46 Jafo:** In die Septuagint en die NT is die naam “Joppe”.

^p**19:47** Hierdie verse is waarskynlik later by die teks gevoeg as verduidelikende nota.

^{*}**19:47 Rig 18:1-31**

van die swaard en dit in besit geneem. Hulle het hulle daar gevestig, en Lesem toe Dan genoem na die naam van hulle voorvader Dan.

⁴⁸ Dit dan is die erfdeel van die stam van Dan se nageslag vir hulle familie-groepe, hierdie dorpe met hulle gehuggies.

Josua se erfdeel

⁴⁹ Toe hulle klaar was met die toewysing van die land volgens sy grense, het die Israëliete vir Josua, seun van Nun, 'n erfdeel tussen hulle gegee. ⁵⁰ *Op bevel van die HERE het hulle vir hom die dorp gegee wat hy gevra het, Timnat-Serag, in die heuweland van Efraim. Hy het die dorp herbou en daar gaan woon.

⁵¹ *Dit dan is die erfdele wat Eleasar, die priester, Josua, seun van Nun, en die familiehoofde, voor die HERE, by die ingang van die Tent van Ontmoeting^q in Silo, aan die stamme van die Israëliete deur loting toegewys het.* So het hulle die verdeling van die land afgehandel.

20

Asielstede

¹ Die HERE het met Josua gepraat en gesê: ² *³“Praat met die Israëliete en sê, ‘Julle moet vir julleself die asielstede daarstel* wat Ek vir julle deur die diens van Moses aangewys het, ³ sodat iemand wat 'n lewe geneem

*19:50 Jos 24:30; Rig 2:9

*19:51 Num 34:17; Jos 14:1

^q19:51 **Tent van Ontmoeting:** Dit verwys na die •tabernakel en nie na die tent wat Moses opgeslaan het nie; vgl Eks 33:7-11.

*19:51 in Silo ... toegewys het: Jos 18:1,8-10; 21:2

*20:2-9 Num 35:6-34; Deut 4:41-43; 19:1-10

*20:2 asielstede daarstel: Eks 21:13; Num 23:11

het, wat 'n persoon onopsetlik, sonder voorbedagte rade, doodgeslaan het, daarheen kan vlug. Dit sal vir julle 'n toevlugsoord wees teen bloedwrekers.^r ⁴ Iemand kan dan na een van hierdie stede vlug, en by die ingang van die stadspoort gaan staan en sy saak stel ten aanhore van die oudstes^s van daardie stad. Hulle moet hom by hulle in die stad opneem en vir hom 'n plek gee, sodat hy by hulle kan woon. ⁵ As die bloedwreker hom agtervolg, mag hulle die een wat 'n lewe geneem het, nie aan hom uitlewer nie, omdat hy sy medemens sonder voorbedagte rade doodgeslaan het, sonder dat hy hom voorheen gehaat het. ⁶ Hy moet in daardie stad bly totdat hy voor die volksvergadering^t verskyn het vir 'n beslissing, en daarna tot die dood van die hoëpriester wat in dié dae daar sal wees. Dan mag die een wat 'n lewe geneem het, terugkeer, teruggaan na sy dorp en sy huis, na die dorp waarvandaan hy gevlug het.' ”

⁷ Hulle het toe die volgende dorpe afgesonder: Kedes, in Galilea in die bergland van Naftali; Sigem, in die heuweland van Efraim; en Kirjat-Arba, dit is Hebron, in die bergland van Juda. ⁸ Oorkant die Jordaan, oos van Jerigo, het hulle afgestaan: Beser in die woestyn, op die plato^u van die stam van Ruben se grondgebied; Ramot in Gilead, uit die stamgebied van Gad; en Golan in Basan, uit die stamgebied van Manasse. ⁹ Dit was die stede waaroor daar ooreengekom is vir al die

^r**20:3 bloedwrekers:** Dit was die naaste manlike familielid se plig om iemand wat onskuldig doodgemaak is, se dood te wreek deur die moordenaar om die lewe te bring; vgl Num 35:12-27; •Bloedskuld.

^s**20:4 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

^t**20:6 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

^u**20:8 die plato:** Dit verwys na die hoogliggende gebied oos van die Dooie See en die Jordaandal.

Israëliete en vir die vreemdelinge^v wat tydelike verblyf tussen hulle het, om heen te vlug, elkeen wat sonder opset 'n lewe geneem het, sodat hy nie sal sterf deur die hand van die bloedwreker voordat hy voor die volksvergadering verskyn het nie.

21

Stede vir die Leviete

¹ *Die familiehoofde van die Leviete het Eleasar, die priester, Josua, seun van Nun, en die familiehoofde van die stamme van die Israëliete genader ² en met hulle in Silo,* in die land Kanaän, gepraat. Hulle het gesê: “Die HERE self het deur Moses beveel dat dorpe aan ons afgestaan moet word om in te woon, asook hulle meentgrond vir ons vee.” ³ Die Israëliete het toe, volgens die bevel van die HERE, uit hulle erfdeel hierdie dorpe en hulle meentgrond aan die Leviete afgestaan.

⁴ Die uitkoms van die lot vir die familiegroepe van Kehat* was soos volg: Vir die nageslag van Aäron, die priester uit die Leviete, is daar uit die stamgebiede van Juda, Simeon en Benjamin dertien dorpe deur die lot toegeken;

⁵ vir die res van die nageslag van Kehat is daar uit die stamgebiede van Efraim en Dan en die halwe stam van Manasse se familiegroepe tien dorpe deur die lot toegeken;

^v**20:9 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. •Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

***21:1-42** Num 35:2-8; Jos 14:4; 1 Kron 6:54-81

***21:2 Silo:** Jos 18:1,8-10; 19:51; 1 Sam 1:3; Jer 7:12

***21:4 familiegroepe van Kehat:** Gen 46:11; Num 3:19; Jos 21:10-26

⁶ vir die nageslag van Gerson* is daar uit die stamgebiede van Issaskar, Aser en Naftali en die halwe stam van Manasse in Basan se familie-groepe dertien dorpe deur die lot toegeken; en

⁷ vir die nageslag van Merari,* vir hulle familie-groepe, was dit twaalf dorpe uit die stamgebiede van Ruben, Gad en Sebulon.

⁸ Die Israeliete het aan die Leviete hierdie dorpe en hulle meentgrond afgestaan deur die lot, soos die HERE deur Moses beveel het.

⁹ Hulle het uit die stamgebiede van die nageslag van Juda en Simeon die volgende dorpe wat by die naam genoem word, afgestaan — ¹⁰ dit was vir die nageslag van Aäron uit die familie-groepe van Kehat uit die Leviete, want die eerste loting was vir hulle:

¹¹ Hulle het aan hulle Kirjat-Arba^w afgestaan in die bergland van Juda, met sy meentgrond rondom. Dit is Hebron. Arba was die voorvader van Enak. ¹² Die saai-grond van die dorp en sy gehuggies het hulle vir Kaleb, seun van Jefunne, as erfgrond gegee. ¹³ Vir die nageslag van die priester Aäron, het hulle Hebron met sy meentgrond afgestaan, die asielstad vir dié wat doodslag begaan het; ook Libna met sy meentgrond, ¹⁴ Jattir met sy meentgrond, Estemoa met sy meentgrond, ¹⁵ Golon met sy meentgrond, Debir met sy meentgrond, ¹⁶ Ajin met sy meentgrond, Jutta met sy meentgrond en Bet-Semes met sy meentgrond — nege dorpe van hierdie twee stamme.

¹⁷ Uit die stamgebied van Benjamin was dit Gibeon met sy meentgrond, Geba met sy meentgrond, ¹⁸ Anatot met sy meentgrond en Almon met sy meentgrond — vier dorpe.

*21:6 nageslag van Gerson: Gen 46:11; Num 3:18; Jos 21:27-33

*21:7 nageslag van Merari: Gen 46:11; Num 3:20; Jos 21:34-40

^w21:11 Kirjat-Arba: Die naam beteken 'die dorp van Arba'.

¹⁹ Die dorpe van die nageslag van Aäron, die priesters, met hulle meentgrond, was altesaam dertien.

²⁰ Vir die familiegroepe van die nageslag van Kehat, die res van die Leviete uit die nageslag van Kehat, was die dorpe wat deur die lot aangewys is uit die stamgebied van Efraim, die volgende:

²¹ Hulle het Sigem, die asielstad vir dié wat doodslag begaan het, met sy meentgrond, in die heuweland van Efraim aan hulle afgestaan, ook Geser met sy meentgrond, ²² Kibsajim met sy meentgrond en Bet-Goron met sy meentgrond — vier dorpe.

²³ Uit die stamgebied van Dan was dit Elteke met sy meentgrond, Gibbeton met sy meentgrond, ²⁴ Ajalon met sy meentgrond en Gat-Rimmon met sy meentgrond — vier dorpe.

²⁵ Uit die halwe stam van Manasse se gebied was dit Taänak met sy meentgrond en Gat-Rimmon met sy meentgrond — twee dorpe.

²⁶ Al tien hierdie dorpe met hulle meentgrond was vir die res van die familiegroepe van Kehat se nageslag.

²⁷ Uit die een helfte van die stamgebied van Manasse was daar vir die nageslag van Gerson uit die Levitiese familiegroepe, Golan in Basan, die asielstad vir dié wat doodslag begaan het, met sy meentgrond, en Astarot met sy meentgrond — twee dorpe.

²⁸ Uit die stamgebied van Issaskar was dit Kisjon met sy meentgrond, Daberat met sy meentgrond, ²⁹ Jarmut met sy meentgrond en En-Gannim met sy meentgrond — vier dorpe.

³⁰ Uit die stamgebied van Aser was dit Misal met sy meentgrond, Abdon met sy meentgrond, ³¹ Gelkat met sy meentgrond en Regob met sy meentgrond — vier dorpe.

³² Uit die stamgebied van Naftali was dit Kedes in Galilea, die

asielstad vir dié wat doodslag begaan het, met sy meentgrond, Gammot-Dor met sy meentgrond en Kartan met sy meentgrond — drie dorpe.

³³ Die dorpe van die Gersongroep, vir hulle familiegroepe, was altesaam dertien, met hulle meentgrond.

³⁴ Vir die familiegroepe van Merari se nageslag, die res van die Leviete, was daar uit die stamgebied van Sebulon: Jokneam met sy meentgrond, Karta met sy meentgrond, ³⁵ Dimna met sy meentgrond en Nahalal met sy meentgrond — vier dorpe.

³⁶ Uit die stamgebied van Ruben was dit Beser met sy meentgrond, Jahas met sy meentgrond, ³⁷ Kedemot met sy meentgrond, en Mefaät met sy meentgrond — vier dorpe.

³⁸ Uit die stamgebied van Gad was dit Ramot in Gilead, die asielstad vir dié wat doodslag begaan het, met sy meentgrond, Maganajim met sy meentgrond, ³⁹ Gesbon met sy meentgrond en Jaser met sy meentgrond — altesaam vier dorpe.

⁴⁰ Die loting van dorpe vir die oorblywende familiegroepe van die nageslag van Merari, Levitiese familiegroepe, was altesaam twaalf dorpe.

⁴¹ *Die Levitiese dorpe binne die erfgrond van die Israëliete was altesaam agt-en-veertig dorpe met hulle meentgrond. ⁴² Elkeen van hierdie dorpe moes sy meentgrond rondom hê. So was dit by al hierdie dorpe.

⁴³ Die HERE het aan Israel die hele land gegee wat Hy beloof het om aan hulle voorvaders te gee. Hulle het dit in besit geneem en daar gaan

*21:41 Num 35:7

woon. ⁴⁴ Die HERE het vir hulle rus gegee* aan alle kante, presies soos Hy aan hulle voorvaders beloof het. Van al hulle vyande kon niemand voor hulle staande bly nie. Al hulle vyande het die HERE in hulle hand gegee. ⁴⁵ *Nie 'n woord van al die goeie beloftes wat die HERE aan die huis van Israel gemaak het, het onvervuld gebly nie; alles is vervul.

22

Stamme oos van die Jordaan

¹ Daarna het Josua die stamme van Ruben en Gad en die halwe stam van Manasse geroep. ² *Hy het vir hulle gesê: “Julle het alles wat Moses, die dienskneg van die HERE, julle beveel het, nagekom, en julle het my ook gehoorsaam in alles wat ek julle beveel het. ³ Alreeds vir 'n baie lang tyd, tot vandag toe, het julle nie julle broers in die steek gelaat nie. Julle het die verpligtinge van die HERE julle God se opdrag nagekom. ⁴ En nou het die HERE julle God vir julle broers rus gegee,* soos Hy hulle beloof het. Julle moet dan nou omdraai en na julle woonplekke gaan, na die land van julle erfgrond, wat Moses, die dienskneg van die HERE, vir julle gegee het oorkant die Jordaan.* ⁵ *Kom net die opdragte en die wet nougeset na wat Moses, die dienskneg van die HERE, julle beveel het,* naamlik om die HERE julle God lief te hê, al sy paaie te volg, sy geboie na te kom, aan Hom vas te hou, en Hom te dien met julle hele hart en julle hele wese.*”

*21:44 hulle rus gegee: Jos 22:4; 23:1

*21:45 Jos 23:14; 1 Kon 8:56

*22:2-3 Num 32:6-22; Jos 1:12-18

*22:4 het ... rus gegee: Jos 21:44; 23:1

*22:4 wat Moses ... Jordaan: Jos 13:8

*22:5 Deut 11:22

*22:5 Kom ... beveel het: Deut 6:17

*22:5 die HERE julle God ... wese: Deut 6:5; 10:12

⁶ Josua het hulle geseën en weggestuur, en hulle het na hulle woonplekke gegaan. ⁷ *Vir die halwe stam van Manasse het Moses grond in Basan gegee; en vir die ander helfte van die stam het Josua grond gegee by hulle broers, aan die ander kant, aan die westekant van die Jordaan.

Josua het ook, toe hy hulle na hulle woonplekke weggestuur en hulle geseën het, ⁸ vir hulle gesê: “Keer terug na julle woonplekke met rykdom in oorvloed — met besonder baie vee, met silwer en goud, brons en yster en met 'n groot hoeveelheid klere. Deel die buit wat van julle vyande af kom met julle broers.”

⁹ Die nageslag van Ruben en Gad, en die halwe stam van Manasse, het omgedraai en weggegaan van die Israeliete af, van Silo af wat in die land Kanaän is, om na die landstreek Gilead te gaan, na die streek van hulle erfgrond waar hulle op bevel van die HERE deur die diens van Moses, hulle gevestig het.

Die altaar by die Jordaan

¹⁰ ^xToe hulle by Gelilot kom, wat in die land Kanaän langs die Jordaan is, het die nageslag van Ruben en Gad en die halwe stam van Manasse, daar langs die Jordaan 'n altaar gebou, 'n groot, indrukwekkende altaar. ¹¹ Die Israeliete het berig gekry: “Kyk, die nageslag van Ruben en Gad en die halwe stam van Manasse het 'n altaar gebou op die grondgebied van die land Kanaän,^y by Gelilot langs die Jordaan, aan die Israeliete se kant.”

*22:7 Jos 13:29-31; 17:5

^x22:10-11 Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Dit is nie heeltemal duidelik aan watter kant van die Jordaan die altaar gebou is nie.

^y22:11 grondgebied ... Kanaän: Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “teenoor die land Kanaän”.

¹² *Toe die Israeliete dit hoor, het die hele volksvergadering^z van die Israeliete byeengekom by Silo om teen hulle op te trek vir die stryd.

¹³ Die Israeliete stuur toe vir Pinehas, seun van die priester Eleasar, * na die nageslag van Ruben en Gad en die halwe stam van Manasse in die Gileadstreek, ¹⁴ * en saam met hom tien leiers,^a een leier vir elke stamvader van al die stamme van Israel. Elkeen van hulle was 'n stamhoof van die leërafdelings van Israel. ¹⁵ Hulle het by die nageslag van Ruben en Gad en die halwe stam van Manasse in die Gileadstreek aangekom, met hulle gepraat en gesê: ¹⁶ “So sê die hele volksvergadering van die HERE, ‘Wat is die bedoeling van hierdie troubreuk wat julle teen die God van Israel pleeg deur vandag van die HERE af weg te draai? Met die bou van 'n altaar vir julleself is julle vandag in opstand teen die HERE.* ¹⁷ Is die sonde by Peor,* waarvan ons tot vandag toe onself nog nie gereinig het nie, vir ons onbelangrik? Die plaag het dan teen die volksvergadering van die HERE uitgebreek! ¹⁸ Julle draai vandag weg van die HERE af. As julle vandag in opstand teen die HERE is, is Hy môre woedend vir die hele volksvergadering van Israel.* ¹⁹ As die land van julle erfgrond egter •onrein is, kom dan oor na die land van die HERE se eiendom, waar die •tabernakel van die HERE staan,* en kry vir julle erfgrond tussen ons. Maar teen die HERE moet julle nie in opstand kom

*22:12 Jos 18:1

^z22:12 **volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

*22:13 **Pinehas, seun ... Eleasar:** Eks 6:24; Num 25:7

*22:14 Num 1:4-16

^a22:14 **leiers:** In Hebreeus •*nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

*22:16 **Met ... teen die HERE:** Deut 2:13-14

*22:17 **sonde by Peor:** Num 25:1-5

*22:18 **is Hy ... Israel:** Num 16:22; Jos 22:20

*22:19 **waar ... staan:** Jos 18:1

nie, en teen ons moet julle ook nie in opstand kom deur vir julle 'n altaar te bou naas die altaar van die HERE ons God nie. ²⁰ *Het Agan, seun van Serag, nie troubreuk gepleeg met die bangoed nie, en het 'n woede nie toe teen die hele volksvergadering van Israel losgebreek nie? En hy was nie die enigste wat vir sy sondeskuld gesterf het nie.’ ”

²¹ Die nageslag van Ruben en Gad, en die halwe stam van Manasse het daarop geantwoord. Hulle het vir die hoofde van die leërafdelings van Israel gesê: ²² “Die God van die gode, die HERE, die God van die gode, die HERE, Hy weet, en Israel moet dit weet: As dit uit opstand of in troubreuk teen die HERE was, moet u ons vandag nie spaar nie.^b ²³ As dit was om vir ons 'n altaar te bou om van die HERE af weg te draai, en om •brandoffers en •graanoffers daarop te offer, of om maaltydoffers^c daarop te bring — die HERE, Hy sal rekenskap eis.* ²⁴ Ons sweer dit is uit besorgdheid oor die saak dat ons dit gedoen het. Ons het gedink, in die toekoms sal julle kinders vir ons kinders sê, ‘Wat het julle met die HERE, die God van Israel, te doen?’ ²⁵ As 'n grens het die HERE tussen ons en julle, nakomelinge van Ruben en Gad, die Jordaan daargestel. Julle het geen deel aan die HERE nie.’ Julle kinders sal ons kinders laat ophou om vir die HERE ontsag te hê. ²⁶ Ons het toe so gedink: Laat ons iets vir onself doen deur die altaar te bou, nie vir brandoffers en •slagoffers nie, ²⁷ maar as 'n getuie tussen ons en julle en tussen ons nageslagte ná ons,*

***22:20** Jos 7:1-26

^b**22:22 moet u ... spaar nie:** Kan ook vertaal word “moet U ons vandag nie laat vrykom nie”.

^c**22:23 maaltydoffers:** Diereoffers (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet.

***22:23 Hy ... eis:** Deut 18:19

***22:27 'n getuie ... ná ons:** Gen 31:48; Jos 22:34; 24:27

om nog die diens van die HERE in sy teenwoordigheid te kan verrig met ons brandoffers, slagoffers en maaltydoffers. Julle kinders sal dan nie in die toekoms vir ons kinders kan sê, ‘Julle het geen deel aan die HERE nie.’* ²⁸ Ons het gedink: As hulle dit in die toekoms vir ons en ons nageslag sou sê, sal ons antwoord, ‘Kyk na die weergawe van die altaar van die HERE wat ons voorouers gemaak het — nie vir brandoffers nie, en nie vir slagoffers nie, maar as 'n getuie tussen ons en julle.’ ²⁹ Nooit sal ons eers daaraan dink nie om teen die HERE in opstand te kom en vandag van die HERE af weg te draai deur 'n altaar te bou vir brandoffers, graanoffers en maaltydoffers, naas die altaar van die HERE ons God wat voor sy tabernakel is.”

³⁰ Toe die priester Pinehas en die leiers^d van die volksvergadering, die hoofde van die leërafdelings van Israel* wat by hom was, die verduideliking hoor wat die nageslag van Ruben, Gad en Manasse gee, het hulle dit goedgevind. ³¹ Toe sê Pinehas, seun van die priester Eleasar, vir die nageslag van Ruben, Gad en Manasse: “Vandag weet ons dat die HERE in ons midde is,* dat julle nie hierdie troubreuk teen die HERE gepleeg het nie. Julle het dan ook die Israeliete gered uit die hand van die HERE.”

³² Pinehas, seun van die priester Eleasar, en die leiers het teruggekeer van die nageslag van Ruben en Gad, van die Gileadstreek af na die land Kanaän, na die Israeliete, en aan hulle verslag gelewer. ³³ Die verslag het byval gevind by die Israeliete, en hulle het God geprys. Daar was nie meer sprake daarvan om teen hulle op te trek vir die stryd en die land waar die nageslag van Ruben en Gad woon, te verwoes nie. ³⁴ Die

*22:27 diens ... aan die HERE nie: Deut 12:4-7,11-12,17-18

^d22:30 leiers: Vgl voetnoot in 22:14.

*22:30 Pinehas ... Israel: Jos 22:13-14

*22:31 Vandag ... midde is: Lev 26:11-12

nageslag van Ruben en Gad het vir die altaar 'n naam gegee: “Dit is 'n getuie tussen ons dat die HERE God is.”*

23

Josua se afskeid

¹ Lank daarna, nadat die HERE aan Israel rus gegee* het van al hulle vyande rondom hulle, toe Josua al oud en gevorderd in jare was,* ² het Josua die hele Israel ontbied — hulle oudstes,^e hoofde, regters en regsbeamptes* — en vir hulle gesê: “Ek is oud en gevorderd in jare. ³ Julle het self alles gesien wat die HERE julle God gedoen het aan al hierdie nasies, ter wille van julle. Die HERE julle God, Hy is immers die Een wat vir julle geveg het.* ⁴ Kyk, ek het die land van hierdie nasies wat oorgebly het en van al die nasies wat Ek uitgeroei het, as erfdeel aan julle stamme laat toeval, van die Jordaan* af tot by die Groot See^f in die weste. ⁵ Die HERE julle God, Hy sal hulle voor julle wegstoot en hulle voor julle verdryf, sodat julle hulle land in besit kan neem, soos die HERE julle God julle beloof het.* ⁶ Wees baie vasberade om alles wat geskryf staan in die boekrol met die Wet van Moses noukeurig na te kom, om nie links of regs

*22:34 die HERE God is: Eks 6:6; Deut 4:39; Mark 12:32; 1 Kor 8:4

*23:1 Israel rus gegee: Jos 21:44; 22:4

*23:1 Josua ... was: Jos 13:1

^e23:2 oudstes: Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

*23:2 oudstes ... regsbeamptes: Deut 31:28; Jos 1:10; 8:33; 24:1

*23:3 Die HERE ... geveg het: Jos 10:14,42; 1 Kron 5:22; 2 Kron 20:29

*23:4 Jos 14:1 — 21:45

*23:4 Jordaan: Jos 1:11

^f23:4 Groot See: Die Middellandse See; vgl Jos 1:4; 15:12.

*23:5 soos ... beloof het: Num 33:53

*23:6 Deut 5:32; Jos 1:7

daarvan af te wyk nie, ⁷ om nie met hierdie nasies wat by julle oorgebly het, om te gaan nie. Die name van hulle gode mag julle nie aanroep nie* en nie daarby sweer nie. Julle mag hulle nie dien nie, en nie voor hulle in aanbidding buig nie.* ⁸ Maar aan die HERE julle God moet julle vashou, soos julle tot vandag toe gedoen het. ⁹ Die HERE het groot en sterk nasies voor julle verdryf.* Wat julle betref, tot vandag toe kon niemand voor julle staande bly nie.* ¹⁰ Net een van julle jaag 'n duisend op loop; want die HERE julle God, Hy is die Een wat vir julle veg soos Hy julle beloof het.* ¹¹ Wees uiters versigtig om ter wille van julleself net die HERE julle God lief te hê. ¹² Want as julle ooit wegdraai en julle verbind met die res van hierdie nasies wat by julle oorgebly het, met hulle ondertrou, julle met hulle omgaan en hulle met julle, ¹³ weet dan vir seker dat die HERE julle God hierdie nasies nie langer voor julle sal verdryf nie. Hulle sal vir julle 'n vangnet en 'n valstrik word, 'n steekriet[§] in julle sye en dorings in julle oë, totdat julle verdwyn van hierdie goeie grond af wat die HERE julle God vir julle gegee het. ¹⁴ Kyk, ek loop vandag die pad van almal op aarde.* Erken met julle hele hart en julle hele wese dat nie een woord van al die goeie beloftes wat die HERE julle God teenoor julle uitgespreek het,

*23:7 Die name ... aanroep nie: Eks 23:13

*23:7 nie voor ... buig nie: Eks 23:24

*23:8 Deut 10:20; 13:4

*23:9 Die HERE ... verdryf: Deut 4:38; Hand 7:45

*23:9 niemand ... nie: Jos 10:8; 21:44

*23:10 Vgl Lev 26:8

*23:10 Hy is ... het: Eks 14:14; Deut 3:22; 32:30

*23:12-13 Deut 4:15-16; 7:1-4; vgl Gen 24:3

*23:13 Num 33:55-56; Deut 7:16; Rig 2:3,21

§23:13 'n steekriet: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

*23:14 Kyk ... aarde: Vgl 1 Kon 2:2

onvervuld gebly het nie; alles is vir julle vervul, nie een woord daarvan het onvervuld gebly nie. ¹⁵ *Soos elke goeie belofte wat die HERE julle God aan julle gemaak het, vir julle vervul is, so sal die HERE elke woord van onheil oor julle vervul, totdat Hy julle uitgedelg het van hierdie goeie grond af wat die HERE julle God vir julle gegee het. ¹⁶ Wanneer julle die verbond van die HERE julle God oortree, wat Hy julle beveel het, en ander gode gaan dien en voor hulle in aanbidding buig, sal die toorn van die HERE teen julle ontvlam, en julle sal vinnig verdwyn van die goeie land af wat Hy vir julle gegee het.”

24

Verbondsluiting by Sigem

¹ Josua het al die stamme van Israel in Sigem byeen laat kom. Hy het die oudstes^h van Israel, hulle hoofde, hulle regters en regsbeamptes opgeroep, * en hulle het in die teenwoordigheid van God gaan staan.

² *Josua sê toe vir die hele volk: “So sê die HERE, die God van Israel, ‘Anderkant die Rivierⁱ het julle voorvaders in die verre verlede gewoon — Tera, die vader van Abraham en Nahor — en hulle het ander gode gedien. ³ Maar Ek het julle voorvader Abraham van anderkant die Rivier af geneem en hom deur die hele land Kanaän laat trek. * Ek het sy

*23:15-16 Lev 26:14-33; Deut 28:15

^h24:1 oudstes: Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

*24:1 Hy ... opgeroep: Deut 31:28; Jos 1:10; 8:33; 23:2

*24:2 Gen 11:26-31; Jos 24:14-15

ⁱ24:2 Rivier: Dit verwys na die Eufraat. In die tyd van die Ou Testament het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

*24:3 Maar ... trek: Gen 12:1,6

nageslag vermeerder: Ek het aan hom Isak gegee,* ⁴ en aan Isak het Ek Jakob en Esau gegee.* Ek het vir Esau die bergland Seir gegee* om dit in besit te neem, maar Jakob en sy seuns het afgetrek na Egipte.* ⁵ Ek het Moses en Aäron gestuur,* en Ek het Egipte met plaë getref, soos wat Ek gedoen het, en daarna het Ek julle laat wegtrek.* ⁶ Ek het julle voorouers uit Egipte laat wegtrek, en julle het by die see aangekom. Die Egiptenare het julle voorouers met strydwaens en bemanning agtervolg tot by die Rietsee.^j ⁷ Hulle het na die HERE om hulp geroep, en Hy het dit donker laat word tussen julle en die Egiptenare. Hy het die see oor hulle laat kom en dit het hulle bedek. Julle het met julle eie oë gesien wat Ek in Egipte gedoen het. Daarna het julle vir 'n lang tyd in die woestyn^k gebly; ⁸ en toe het Ek julle ingebring in die land van die Amoriete, wat oorkant die Jordaan gewoon het. Hulle het teen julle geveg, maar Ek het hulle in julle hand gegee, sodat julle hulle land in besit geneem het. Ek het hulle voor julle verdelg. ⁹ Toe het Balak, seun van Sippor, die koning van Moab, gereedgemaak en teen Israel geveg. Hy het Bileam, seun van

*24:3 Ek het aan hom Isak gegee: Gen 21:2-3

*24:4 aan Isak ... Esau gegee: Gen 25:25-26

*24:4 Esau die ... Seir gegee: Gen 36:8

*24:4 Jakob en sy ... Egipte: Gen 46:1-7

*24:5 Moses ... gestuur: Eks 3:10; 6:12,25; Ps 105:26; Miga 6:4

*24:5 Egipte ... wegtrek: Eks 7:1 — 12:51

*24:6-7 Eks 14:1-31

^j24:6 Rietsee: In die OT word die Hebreeuse pleknaam met “Rietsee” vertaal. Die Septuagint, wat deur die NT gebruik is (vgl Hand 7:36; Heb 11:29), vertaal dit met “•Rooisee”.

^k24:7 woestyn: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

*24:8 Num 21:21-35; Deut 2:24 — 3:11

*24:9-10 Num 22:1 — 24:25

Beor, ontbied om julle te vervloek. ¹⁰ Ek wou egter nie na Bileam luister nie, en hy het julle toe net geseën. So het Ek julle uit sy hand gered.

¹¹ * Julle het toe die Jordaan oorgesteek* en by Jerigo aangekom. Die burgers van Jerigo, die Amoriëte, die Feresiëte, die Kanaäniete, die Hetiëte, die Girgasiëte, die Hewiëte en Jebusiëte, het teen julle oorlog gemaak, maar Ek het hulle in julle hand gegee. ¹² Ek het 'n vlag paniek¹ voor julle uit gestuur* en dit het hulle, die twee konings van die Amoriëte, voor julle uitgedryf. Dit was nie deur julle swaarde en boë nie.* ¹³ *Ek het vir julle land gegee waarvoor julle nie hard gewerk het nie, dorpe wat julle nie gebou het nie, waar julle woon, en wingerde en olyfboorde wat julle nie geplant het nie, maar waarvan julle eet.’

¹⁴ * “Daarom dan, julle moet ontsag hê vir die HERE; dien Hom met opregtheid en getrouheid. Verwyder die gode wat julle vaders anderkant die Rivier en in Egipte gedien het, en dien die HERE. ¹⁵ * As julle dit egter nie goedvind om die HERE te dien nie, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien, óf die gode anderkant die Rivier wat julle voorouers gedien het, óf die gode van die Amoriëte in wie se land julle woon. Maar ek en my huis, ons sal die HERE dien.”

¹⁶ Hierop het die volk geantwoord en gesê: “Nooit sal ons eers daaraan dink om die HERE te verlaat deur ander gode te dien nie; ¹⁷ want die HERE ons God, Hy is die Een wat ons en ons voorouers uit Egipteland, uit

*24:11 Jos 9:2

*24:11 Jordaan oorgesteek: Jos 3:14,17

¹24:12 vlag paniek: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Dit word ook vertaal “perdebye”.

*24:12 vlag paniek ... gestuur: Eks 23:28; Deut 7:20

*24:12 nie ... boë nie: Ps 44:4,7

*24:13 Deut 6:10-11; vgl Jos 11:13

*24:14 Jos 24:2,23; Eseg 20:18

*24:15 Vgl 1 Kon 18:21

die plek van slawerny, laat optrek het, en wat voor ons oë hierdie groot tekens van mag gedoen het. Hy het ons bewaar op die hele pad waarlangs ons gegaan het, en onder al die volke waar ons deurgetrek het. ¹⁸ Die HERE het al die volke voor ons uitgedryf en die Amoriëte wat in die land gewoon het. Ook ons sal die HERE dien, want Hy is ons God.”

¹⁹ Maar Josua het vir die volk gesê: “Julle sal nie in staat wees om die HERE te dien nie, want Hy is 'n heilige God,* Hy is 'n besitlike God,* Hy sal nie julle oortreding en sondes vergewe nie. ²⁰ As julle die HERE verlaat en vreemde gode dien, sal Hy julle weer kwaad aandoen en 'n einde aan julle maak, nadat Hy aan julle goed gedoen het.” ²¹ Toe sê die volk vir Josua: “Nee, maar ons sal net die HERE dien!” ²² Daarop sê Josua vir die volk: “Julle is getuies teen julleself dat julle self die HERE vir julle gekies het om te dien.” Hulle het geantwoord: “Ons is getuies.”

²³ “Verwyder dan nou die vreemde gode in julle midde en rig julle harte op die HERE, die God van Israel.” ²⁴ Toe sê die volk vir Josua: “Ons sal net die HERE ons God dien, en ons sal net na sy stem luister.”

²⁵ * Josua het op daardie dag namens die volk 'n verbond gesluit en vir hulle vaste voorskrifte en bepalinge neergelê in Sigem. ²⁶ Josua het daardie woorde in die boekrol met die Wet van God neergeskryf.* Toe het hy 'n groot klip geneem en dit opgerig, daar onder die groot terebintboom^m wat by die heiligdom van die HERE is. ²⁷ Josua het vir die

***24:19 heilige God:** Lev 19:2; 1 Sam 6:20; Ps 99:5; Jes 5:16

***24:19 besitlike God:** Eks 20:5

***24:23** Gen 25:2; 1 Sam 7:3

***24:25-26** Rig 9:6; vgl Gen 35:4

***24:26 Wet ... neergeskryf:** Deut 31:21

^m**24:26 terebintboom:** 'n Siro-Palestynse boom met geveerde blare wat bladwisselend is en rooi bessies dra. Dit word ongeveer 5 m hoog. Dit is gewoonlik alleenstaande bome, wat geassosieer is met heilige plekke.

hele volk gesê: “Kyk, hierdie klip sal 'n getuie teen ons wees,* want hy het al die woorde van die HERE wat Hy met ons gepraat het, gehoor; en hy sal teen julle 'n getuie wees, sodat julle nie julle God verloën nie.”

²⁸ *Daarna het Josua die volk weggestuur, elkeen na sy erfdeel.

Dood van Josua en Eleasar

²⁹ *Ná hierdie gebeure het Josua, seun van Nun, die dienskneg van die HERE, op die ouderdom van honderd-en-tien jaar gesterf. ³⁰ Hulle het hom begrawe in die gebied van sy erfdeel in Timnat-Serag, wat in die heuwelland van Efraim* is, noord van die berg Gaäs. ³¹ Israel het die HERE gedien gedurende Josua se leeftyd, en gedurende die leeftyd van die oudstesⁿ wat lank ná Josua nog geleef het en al die HERE se dae geken het wat Hy aan Israel gedoen het.

³² Die beendere van Josef wat die Israeliete uit Egipte gebring het,* het hulle in Sigem begrawe in die stuk veld wat Jakob vir honderd kesita^o gekoop het by die seuns van Gamor, die vader van Sigem.* Dit was die nageslag van Josef se erfdeel.

³³ Eleasar, seun van Aäron, het ook gesterf. Hulle het hom begrawe op die heuwel wat aan sy seun Pinehas* behoort het en wat in die heuwelland van Efraim aan hom gegee is.

*24:27 hierdie klip ... ons wees: Jos 22:28,34; vgl Gen 31:38,52

*24:28 Rig 2:6

*24:29-30 Rig 2:9,10

*24:30 sy erfdeel ... Efraim: Jos 19:49-50

ⁿ24:31 oudstes: Vgl voetnoot in Jos 24:1.

*24:32 Die beendere ... gebring het: Gen 50:25-26; Heb 11:22

^o24:32 100 kesita: 'n Gewigsmaat wat as geldeenheid gebruik is. Die grootte en waarde daarvan is onbekend; •Geldeenhede.

*24:32 stuk veld ... Sigem: Gen 33:18-19

*24:33 Pinehas: Jos 22:13